

ONDERSOEK NA DIE AFRIKAANSE
INSLAG IN VELDWAGTERBRIEWE, 1750-1797
(KLANK- EN VORMLEER).

MEJ. P. H. ROSS.

Skripsie aangebied ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad B.A. in Nederlands
en Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad.

1950.

The copyright of this thesis is held by the
University of Cape Town.
Reproduction of the whole or any part
may be made for study purposes only, and
not for publication.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

I N H O U D.

INLEIDING.	1
<u>HOOFSTUK I:</u>	10
<u>KLANKLEER.</u>	10
A. <u>VOKALE.</u>	10
(a) VOKALE IN BEKLEEMDE LETTERGREEP.	11
1. Gediftongeerde vokale, geskryf <u>y</u> en <u>ui</u> , en relikte, geskryf <u>ie</u> en <u>u(u)</u> .	11
2. Wisseling van <u>e(e)</u> en <u>ei</u> .	12
3. Wisseling van <u>u</u> en <u>ou</u> .	14
4. Wisseling van <u>oe</u> en <u>eu</u> .	15
5. Wisseling van <u>oo</u> en <u>eu</u> .	16
6. Wisseling van <u>-ieuw</u> en <u>uw</u> .	18
7. Wisseling van <u>ë</u> en <u>ï</u> .	19
8. Gerekte <u>er</u> en <u>ar</u> voor dentaal.	23
9. Nie-gerekte <u>er</u> en <u>ar</u> voor konsonante.	25.
10. Verkorting van vokaal voor konsonant.	25
11. Nasalering.	28
12. Verhoging van vokaal.	29
13. Ronding en ontronding van vokale en diftonge.	30
14. Afr. <u>kooi</u> , Ndl. <u>koe</u> .	31
15. Ndl. <u>kogel</u> , Afr. <u>koeël</u> en Ndl. <u>oogst</u> , Afr. <u>oog</u> .	32
16. Afr. <u>Boesman</u> , Ndl. <u>Bosjesman</u> .	32
(b) VOKALE IN ONBEKLEEMDE POSISIE.	34
1. Neutralisering van onbetoende vokale of diftonge	34
2. Verlies van vokaal.	35
3. Verkorting van vokaal.	36
4. Wisseling en de-neutralisering.	36
5. Vokaal in woorde in swak posisie.	38
B. <u>KONSONANTE.</u> /	

B. <u>KONSONANTE.</u>	40
1. Afr. <u>sk</u> teenoor Ndl. <u>sch</u> .	40
2. Afr. [f], [d], [x] teenoor Ndl. [v], [z], [ç].	41
3. Afr. [s] teenoor Ndl. [ʃ] on [ʒ].	42
4. Apokopee van <u>t</u> :-	42
a. Ná stemlose konsonante.	43
b. Ná liquids en nasale.	43
5. Sinkopee van <u>t</u> :-	44
a. Tussen vokaal en <u>s</u> .	44
b. Tussen diftong en <u>s</u> .	44
c. In konsonantverbinding.	45
6. Invoeging van <u>t</u> .	45
7. Intervokaliëse <u>d</u> .	46
8. Ndl. intervokaliëse <u>y</u> verander in Afr. in <u>w</u> of word gesinkopeer.	47
9. Ndl. intervokaliëse <u>b</u> word <u>w</u> .	48
10. Intervokaliëse <u>g</u> .	49
11. Assimilasieverskynsels.	51
12. Dissimilasie: velarisering van nasaal in die uitgang <u>-en</u> .	52
13. Epitatesis.	54
14. Diverse verskynsels.	54
 <u>HOOFSTUK II:</u>	 56
<u>VORMLIËR.</u>	56
A. <u>DIE NAALWOORD.</u>	56
(a) SELFSTANDIGE NAALWOORDE.	56
1. Meervoudsvorming.	57
2. Diminutiefvorming.	58
(b) DIE LIDWOORD.	59
(c) DIE VERBUIGING VAN DIE BYVOEGLIKE NAALWOORD.	61
(d) VOORNAALWOORDE.	63
1. Persoonlike vnw.	63
2. Versterking van die Persoonlike vnw.	69

3.

3. Wederkerende vwo.	69
4. Besitlike vwo.	70
5. Die Pronominale Bindwoord.	72
6. Aanwysende vwo.	73
7. Betreklake vwo.	76
8. Onbepaalde en Vraende vwo.	77
B. <u>DIE WERKWOORD.</u>	77
(a) Getal.	78
(b) Persoon.	79
(c) Tye.	87
(d) Imitatiewe werkwoorde met hulpwv, <u>hebben</u> of <u>syn.</u>	90
(e) Voltooid Deelwoorde.	91
(f) Die Infinitief.	93
<u>BESLUIT.</u>	96
WERKE GERAADPLEEG (met afkortings).	104

I N L E I D I N G.

Sonder 'n aaneengeskakelde reeks van skriftelike bronne deur die eoue is geen taalhistoriese studie moontlik nie. In die laaste jare het taalgeografiese ondersoek groot opgang gemaak, en die waarde daarvan is ongetwyfeld groot; maar die studie van ou bronne bly tog die vernaamste middel om die toestand van 'n taal in 'n besondere tyd en die ontwikkeling in 'n bepaalde periode na te gaan. Hoe skraler die bronne, hoe onbetroubaarder die geskiedenis.

Vergelyk ons nou die moontlikhede van historiese ondersoek in verskillende tale, dan staan Afrikaans in 'n baie ongunstige posisie. Nederlandse taalkundiges het 'n mag der menigte bronne uit alle tye om daaruit die ontwikkeling van hul taal te rekonstrueer; maar oers nadat Afrikaans min of meer geklink het soos ons hom vandag ken, is daar doelbewus en met trots veel in Afrikaans geskryf - dit was van omstreeks 1875 af, met die begin van die Eerste Taalbeveging. Afrikaans moes dus voor die tweede helfte van die 19de eeu reeds ontstaan en in die mond van die volk geleef het.

Soek ons nou na vroeër Afrikaanse bronne en gaan ons terug na die das voor die Eerste Afrikaanse Taalbeveging, vind ons in die tydperk 1825 tot 1860 dat 'n vorm van Afrikaans vry dikwels in skrif verskyn - in die begin veral om komiese effekte te bereik en Hottentotte te karakteriseer.

Die eerste stuk waarin daar 'n poging aangewend is om die spreektaal van die tyd weer te gee, is die "Samenpraak" van Teenstra in 1825. Die afwykende taalgebruik wat die skrywer 'n Galedonse boer en sy vrou in

die mond lê, is volgens hom "aan de Kaponaars zoo wel als aan de buitenlieden eigen". Hierdie sameoppraak is jare lank as die eerste Afrikaanse geskryf boekou.

Ná Teenstra kom Boniface in 1830 - 1832 met sy karakters wat Hottentots-Afrikaans praat; Trichardt tipoor ou Albach deur die spreektaal van die tyd in 1837 - 1838 (en onbewus is sy eie Dagverhaal deurepek met Afrikaanshede); in koerante en tydskrifte van kort ná 1830 verskyn daar stukke in Afr., totdat Mourant op die toneel verskyn en met sy „Samenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar over het Onderwerp van Afscheiding" die begin van 'n nuwe belangrike tydperk in die geskiedenis van Afr. inlui. Die stukke wat in dié periode geskryft is, is reeds taalkundig bestudeer en daaruit het dit duidelik geblyk dat die beginstadium van die Afr. taal nog vroeër gesoek moet word.

Uit die geskryfte voor 1825, oppervlakkig boekou, lyk dit asof die taal aan die Kaap nog Ndl. was. Verskeie reisigers uit die tyd het egter aanmerkings oor die "Kaapsch-Hollandisch" wat hulle om hulle hoor praat het, begin maak. Oor die algemeen dra hulle nie veel by tot die vaststelling van die gesproke taal voor 1825 nie - die uitlatings is dikwols vaag en dubbelsinnig. Ook word daar nie juis tussen die taal van blankes (Hollanders of vreemdelinge) en dié van kleurlinge of tussen die spraak van stedelinge en dié van plattelanders godifferensieer nie. Taalgrense is wel nooit absoluut bepaalbaar nie, bly altyd vloeibaar, maar ons moet aanneem dat daar tot op sekere hoogte verskille was.

Ten eerste was Hollands in die mond van vreemdelinge blootgestel aan ernstige verminking, en ten tweede was die kans vir 'n ordentlike opvoeding op die platteland uiters

gering. Tot 1795 was daar in die binneland geen skole nie, slegs rondtrekkende skoolmeesters, meestal matrose of soldate, wat "uitgeleen" is vir 'n bepaalde tydperk. Die resultaat was uiters onbevredigend - in 1811 word gemeld dat baie kinders, selfs dié van welgestelde ouers, ongelletterd was. Dit is dus waarskynlik dat die Ndl. van Kaapstad en omstreke (waar kontak met die moederland nog altyd betroklik nou was en waar kerke en skole bestaan het) nog taamlik suiwer was, of ten minste heelwat suiwerder as dié van die platteland waar die taal van die boere vryer van "stremmende" invloede kon ontwikkel.

Dit is dus nodig om die herkoms en die woonstreek van sprekers in ag te neem, en ons kan gevolglik nie te veel peil trek op die uitlatings van reisbeskrywers wat nie 'n onderskeid maak nie. Tog moet ons hulle opmerkings nie negeer nie, want interessante inligting is daarin te vind. Uit die getuionis van Mentzel (ongeveer 1740), van Lichtenstein wat vertel van mense wat "in dem kurzen, derben africanischen Holländisch" praat (1806), van Burchell (1810-1814), Teenstra (1825) en Swaving (1827) is dit duidelik dat daar reeds teen die einde van die 18de en aan die begin van die 19de eeu 'n "ander" Hollands aan die Kaap bestaan het. Of dit die algemene spreektaal was, of tot 'n sekere groep behoort het, en in hoe 'n mate dit van Hollands verskil het, bly egter vir ons duister.

Ons is dus verplig om ons aandag aan die Ndl. bronne te wy met die hoop dat 'n afwykende vorm hier en daar ons op die spoor van die ontwikkeling van sekere Afr. verskynsels sal bring. Die bestudering van hierdie geskrifte is moeilik omdat die skrywers, sommige meer as ander, doelbewus sou waak teen enige afwykende "plat" spreektaalvorms en sover moontlik korrekte Ndl. probeer skryf het. Slegs persone wat

'n sekere mate van opvoeding gehad het, sou dit gewaag het om te skryf; en hiordie mense met 'n enigins geskoolde taalgevoel sou minder vatbaar vir afwykende taalvorme gewees het en bowendien dié wat wel in hul spreektaal aanwesig was, moer bewus uit hulle skryftaal geweor het. Ander wat nie kon skryf nie, wat dus min opvoeding, waarskynlik min taalgevoel en heel moontlik baie afwykende taalgewoontes gehad het, het ander gekry om vir hulle die nodige briewe op te stel. Kanse vir 'n volledige rekonstruksie van die taaltoestande van voor 1825 lyk dus gering; tog is daar heelwat "verkeerde" v orms in ou stukke gevind. Dit is amper oorbodig om op die belangrikheid van sulke vorms te wys. Ook sou dit onredelik wees om gevolgtrakkings op bloot statistiese verhoudings te baseer, aangesien die betekenis van een afwykende vorm dié van talle korrekte vorms oorskadu.

Waardevolle ondersoek is reeds in verband met die periode voor 1825 gedoen, maar nog lang nie genoeg om 'n beeld van die spreektaal in die tyd te kan vorm nie.

Belangrik is Wikar se "Berigt" van 1779 en die dagboekie van Johanna Duminy uit 1797 maar hulle is tog nie deur besonder belangwekkende taaleienswaardighede gekenmerk nie. 'n Gelukkige vonds was die "Lied ter Ere van de Swellendamsche en Diverse andere Helden by de Bloedige Actie aan Muisenburg in Dato 7 Aug. 1795". Hierin word duidelik die spot gedryf en, soos later so dikwels, die taal van die "voorwerp" van bespottling gebruik om die spot dieper te laat tref. Heelwat verskynsels vind ons in die "Lied" wat oers later in die eerste helfte van die 19de eeu meer of min ^{der}verbreid in geskryfte voorkom en wat Afr. genoem kan word.

(Ek dink veral aan die konsekwente gebruik van ons vir wij). Ongelukkig was die skrywer vermoedelik 'n Kaponaar. Het hy werklik kennis van die Swellendamsse distrik gedra om die

burgers se taal getrou weergegee, of het hy in sy bespotting van alle afwykende verms wat hy ken - of dit nou tipies van die platteland was of beperk tot die kleurlingtaal - gebruik gemaak? Die feit dat hy spot, dui daarop dat die plattelandse taal wel van dié van die Kaap verskil het, maar in hoeverre dit 'n betroubare weergawe is, is onseker. Nog bronne is dus nodig.

Prof. Franken se ondersoekings in die Kaapse Argief het interessante gegevens aan die lig gebring. Afgesien van sinnetjies van Hottentotte en slawe aan die begin van die 18de eeu het hy in die serie Crimineel en Civiel, in die sentensies, vraagpunte en konfessies, in die Kriminele Prosesstukke (1672 - 1772) en in die Hugenote- en vreemdelingsbriefies heelwat gevind wat van belang is. Die stukke dra egter almal 'n formele kleur en weerspieël nog nie die spreektaal nie. Die geskrifte van Wikar en Johanna Duminy is wel "intiemer", maar hulle is ook nie suiwer voorbeelde van die gemeensame taal nie. Die skrywers was albei vir hul tyd en stand betreklik goed opgevoed en klaarblyklik van die skryfkuns nie afkerig nie. Buitendien moet ons nie vergeet nie dat Wikar 'n Sweed en Johanna Duminy 'n stedeling was.

Wat kortkom, is dus geskrifte van persone van Hollandse afkoms wat op die platteland woon waar die taalontwikkeling nie deur Kerk en skool teëgehou is nie, waar die mense min opvoeding geniet het en sommige beswaarlik kon skryf, en waar die kans op "foute" groter sou wees en die spreektaal so veraal kon word.

Franken het die belangrikheid van 'n studie van sulke geskrifte besef. In sy bespreking van Teenstra se taal sê hy: "'n Bron waaraan nog geen aandag gowy is nie, is die talryke Boerebriewe wat ingekom het by die verskillende landdroste in die buitelandse distrikte. Hulle is in groot

getalle aanwesig, veral vir die tydperk 1775 - 1825. Hulle vertoon deur die bank in meer of minder mate 'n Afrikaanse inslag. Die handskrif vorm in hierdie opsig 'n toets. Hoe onbeholpener die handskrif, destoe groter is die waarde vir die historiese studie van die Kaapse spreektaal".¹⁾ Hy gee dan ook voorbeelde van vorme wat Afr. is of ná aan Afrikaans staan, maar ongelukkig meld hy nie of die vorms vroeg in die periode, bv. om en by 1780, of pas laat in die eerste kwart van die 19de eeu voorkom nie.

Aangespoor deur Franken se navorsing het L.C. van Oordt (nog voor die uitgawe van Wikar en Teenstra se werke deur die Van Riebeeck-Vereeniging) die Kaapse Argief begin fynkam. Hy publiseer toe in 1947 - 1948 onder die titel Die Kaapse Taalargief 139 briewe (veral van veldwagters) uit die jare 1750 tot 1797 in vier deeltjies met 'n register op die taalverskynsels egter in elke deel. Dit is egter moeilik om uit die registers 'n insig in die taalkundige betekenis van die briewe te kry. Omdat die einde van die 18de eeu van belang vir die Afrikaanse taalontwikkeling is en die briewe van die veldwagters op die platteland moontlikhede vir vroeë Afrikaanshede bied, het ek die taal van die briewe sistematies ondersoek, veral met die oog op die Afr. inslag. Ongelukkig het die tyd ontbreek om alles te doen en moes ek my tot die klank- en vormleer beperk.

Iets oor Van Oordt se versameling:

Voor op die eerste bladsy staan: "Die Kaapse Taalargief van L.C. van Oordt. Driemaandelikse uitgawes van ou stukke uit die Kaapse Argief en ander tekste van belang /

1) Franken, V.R.V.24, P.xxxvi.

belang vir die Afrikaanse en Nederlandse taalwetenskap, met aantekeninge, registers en woordstudies."

Van Oordt het vyftien jaar lank 'n menigte briewe deurgelees en na voorbeelde van die omgangstaal aan die Kaap en in die buiteland gesoek. Net die briewe wat enigsins 'n Afr. inslag toon, dikwels slegs in een bepaalde opsig, is gepubliseer. Geen statistiese vergelykinge is dus moontlik nie, toemore omdat briewe waarin verskynsels voorkom wat reeds veelvuldig in ander aangetref is, waarskynlik nie almal gepubliseer is nie. Hiermee moet ons rekening hou as ons die waarde van sekere verskynsels wil vasstel.

Wat opvallend is, is dat Van Oordt vir sowat die eerste twintig jaar na 1750 betreklik min briewe publiseer. Lever die taalkundige gegewens van die bronne wat uit dié tyd dateer, miskien oor die algemeen min op wat van belang is vir die geskiedenis van Afr.? Van Oordt gee geen kommentaar daarop nie. Ons merk dat teen die end van die periode waarmee ons te doen het, die tipiese Afr. afwykinge meer volop word. Hierby bedoel ek nie dat nuwe eienswaardighede juis dan te voorskyn tree nie, maar dat die gebruiksfrekwensie van bepaalde vorme toeneem. Ons kan egter nie versigtig genoeg wees met vergelykinge nie. Die materiaal waaroor ons in Van Oordt se versameling beskik, is slegs 'n klein uitgesoekte gedeelte van 'n massa materiaal wat hy deurgogaan het.

Oor die veldwagters en hulle briewe:

Die veldwagters of veldwagmeesters was van die bekwaamste manne in die buiteland. Hulle is aangesê om wet en orde te handhaaf en aan die overheid te rapporteer; reeds in 1680 is die eerste veldwagter aangestel. Die veldwagters het 'n moeilike taak gehad en veral die stryd teen roerende Boesmans en Hottentotte het groot opofferings gekos.

Vergoeding was skraal. Tog was dit 'n eer om 'n veldwagmeester in jou distrik te wees en hulle was trots op die onderskeiding. Hulle het hulle pligte trou nagekom.

Die briewe is meestal van veldwagters wat rapporteer oor die toestand van die plase, oor boere wat wegtrek woens gebrek aan water of las van Boesmans, oor rooftogte, oor kommando's wat uitgaan om die gesteelde vee te probeer terugkry, oor maneskappe wat nie opdaag vir die kommando nie, ens. ens. Maar daar is ook briewe van gewone boere en ook van vrouens, wat verduidelik hoekom hul mans nie op kommando kon gaan nie weens siekte of om ander redes.

Daar is briewe uit alle dele, maar veral uit die ou distrikte Stellenbosch, Swellendam en Graaff-Reinet. Dit is duidelik dat ons hier met die plattelandse bevolking te doen het. Die gees wat uit die briewe straal, is die van menslikheid, eenvoud, kinderlike naiwiteit; opvallend is die groot respek en eerbied vir die overheid. Tog is dit briewe van ruwe boere wat kort en saaklik sê wat daar te sê is, maar ook noukeurig vertel hoe hulle die Boesmans van een plek na die ander agtervolg het.

Van Oordt het so ver moontlik nagegaan hoe lank die betrokke families in die land was. Die veldwagters van ons briewe skyn almal (afgesien van enkele seuns) klein- of agterkleinkinders van die stamvader te wees. Die meeste was dus reeds ingeburger in die land, en dit laat ons hoop op 'n betreklike sterk mate van afwykinge in die taal.

Tog moet ons nie te veel verwag nie. Die inhoud van die briewe is beperk en gevolglik dek die taalkundige gegewens daarin ook nie 'n groot gebied nie. Daarby is die briewe ten spyte van die gemoedelikheid wat uit baie van hulle spreek, officieel van inhoud en karakter en die strewe na deftigheid is onmiskenbaar. Die spelling,

interpunksie, woordgebruik en sinsbou is dikwels uiters onbeholpe, maar dit is verbasend en vir die taalondersoeker ook effens teleurstellend dat daar tog soveel blyke van kennis van die Nederlandse skryftradisie by die plattelanders te bespeur is.

HOOFSTUK I.KLANKLEER.

Die klankstelsels van Nederlands en Afrikaans verskil oor die algemeen nie veel van mekaar nie, en waar hulle wel verskil, kan die meeste van die Afrikaanse vorms in die 17de-eeuse Holl. volkstaal teruggevind word.

So ver moontlik sal ek probeer aandui in hoeverre Afr. aan die een kant met die Ndl. "Algemeen Boschaaf", aan die ander kant met die Hollandse volkstaal ooreenstem, en verder in watter gevalle die verskynsels wat bespreek word, oorspronklik Afr. is; maar ons moet onthou dat die skryftaal slegs 'n gebrekkige weergawe van die spreektaal is. Fynere skakeringe kan dikwels nie deur skriftekens weergegee word nie en ou speltradisies word gewoonlik lank gehandhaaf, sodat dit 'n uiters moeilike saak word om vas te stel wat die uitspraak in 'n sekere periode in die verlede was.

Ek voel dat hierdie afdeling nie so belangrik as die vormleer is nie, maar volledigheidshalwe behandel ek die verskynsels teamluk breedvoerig.

A. VOKALE.

Konmerkend van die Afr. vokale is dat hulle oor die algemeen nader aan die neutrale artikulasiegebied geskuif het, sodat hulle nog verder as die Nederlandse van die suiwer kardinale vokale af staan. Dit is egter onmoontlik om so 'n verandering deur die gewone skrifbeelde weer te gee, dus wy ons verder geen aandag daaraan nie en probeer ons verskynsels nagaan wat wel deur die skryftaal waarneembaar is.

Eers sal ek die klanke behandel wat onafhanklik van hul omgewing staan, dan dié wat deur omringende klanke

beïnvloed /

beïnvloed is, en dan 'n aantal losstaande gevalle. Ook sal ek probeer om aan te toon in hoeverre die verskynsels oorspronklik Afrikaans is.

(a) VOKALE IN BEKLEIDE LETTERGROEP.

Hier volg 'n paar verskynsels waar die algemeen-erkende Afr. vorme van vandag nie belangrik van die Ndl. gebruik afwyk nie. Tog is dit van betekenis om die geskiedenis van die gebruik van sekere afwykende vorme in die Kaapse Hollands na te gaan.

1. Gediftongeerde vokale, geskryf „w” en „ui”, en relikte, geskryf „ie” en „u(u)”.

Wat gediftongeerde vokale betref, is die verskil tussen Afr. en Ndl. gering; dit bestaan alleen in die behoud in Afr. van die ongediftongeerde vokaal in 'n klein aantal woorde wat in Ndl. die normale gediftongeerde vokaal het, bv. mied en miet (Ndl. mijt), olievenhout of olienhout (Ndl. olÿvenhout), stiebeuel (Ndl. stÿrbeugel), tier (Ndl. tÿger). Die ongediftongeerde uu is in Afr. opmerklik in duusman - 'n samekoppeling wat in Ndl. al sedert die 17de eeu verouderd is en by ons tot die kleurlingtaal afgesak het.

Geen van die bogenoemde woorde kom in die briewe voor nie. Ons weet dus nie watter vorme die veldwagmeesters sou geskryf het nie. In een brief (66 - '83) staan twee keer die vorm duzent:

„ik heb af ge stapt en gevonden van de plaats van van reenen na vermaak ses duzent drie hondert tree en van vermaak na keyser veÿf duzent een hondert tree”.

Dusent is vandag in Afr. onbekend, maar in die algemene Ndl.

word dit nog gehoor, veral in minder beskaafde kringe. ⁽¹⁾
 Dit was in die 17de en 18de eeu geen gewone Ndl. skryfvorm
 nie, sodat duisent moeilik as 'n leestaalvorm beskou kan
 word. Hoontlik is die relikvokaal eers ná die 18de eeu in
 die kolonistetaal heeltemal deur duisend verdring.

In die briewe kry ons een maal eyts vir iets
 (98 - '97) en verskeie kere eyder vir ieder (o.a. 136 - '97:
 „sülley het eyder en gelaye geweer“). Ons het hier nie te
 doen met die normale diftongering van die ou lang i nie
 (bv. Ndl. wyn, Afr. wyn), maar met die diftongering van
ie, wat as reël onveranderd bly (bv. Ndl. bieden, Afr. bied).
 Die afwykende vorme yder, yts en ook ymand kom al in die
 17de-eeuse Ndl. voor (o.a. dikwels in die Dagverhaal van
 Van Riebeeck) en het ook in 18de-eeuse geskrifte in gebruik
 gebly naas gewone ieder, iets en iemand. Die skryfvorme
 met ey soos in ons briewe, wat aantoon dat ons inderdaad
 met diftonge te doen het, kom ook in ander 18de-eeuse stukke
 voor. Yder, yts en ymand was ongetwyfeld spreektaalvorme
 aan die Kaap. Dit word bewys deur die feit dat Trichardt
 in sy Dagboek tallose male eider en eits en ook 'n paar
 keer eimand geskryf. ⁽²⁾ In die Afr. briewe en samesprake wat
 in die jare sestig in Kaapse koerante verskyn het, kom 'n
 mens nog meer as eens die vorme yder, yts en ymand toe.
 Tot minstens die einde van die 19de eeu het yder en ymand
 nog gewestelik in Afr. bly voortleef. ⁽³⁾

2. Wisseling van „e(e)“ en „ei“ (uit Oud- Germaans „ai“).

Wisseling van ee en ei in sekere Afr. woorde, bv.
bleek naas bleik, gaan terug op dieselfde wisseling in 17de-

en /

(1) Schönfeld, p. 81.

(2) Smuts, p. 74.

(3) Le Roux: Beschr. Klankleer, p. 22.

en 18de-eeuse Hollands. Die ei-vorms was algemeen bo-dialekties in die spreektaal en ook gewone vorms by Hollandse skrywers tot die einde van die 17de eeu. Ook by Van Riebeeck hier aan die Kaap kom bv. teykenen herhaaldelik voor.

In die briewe van die veldvagnmeesters wissel o(e) soms af met oi. Ons kry verskeie kere die woord týkenen (o.a. 23 - '76) en ook ondergetýkent (o.a. 39 - '79), hand-týkening (o.a. 43 - '81). Wat opvallend is, is dat ons die ei-vorm nie in ander woorde aantref nie, maar ons moet onthou dat die woordeskat van die briewe beperk is. So byvoorbeeld vind ons slegs 'n enkele maal die woord vlees (toevallig?) met die ee-vorm (o.a. 97 - '87). Ons kan egter aanneem dat ons wel hier en daar 'n ei-vorm sou raakgeloop het as die woord meer dikwels voorgekom het, want die vorm vleis was wyd versprei in Nederland. ⁽¹⁾ Wiker, wat sy „Berigt“ in dieselfde tyd opgestel het as waaruit ons briewe dateer, skryf vleis ⁽²⁾ wat ongetwyfeld die spreektaalvorm van die tyd moes gewees het. Trichardt gebruik ook die vorm vlýe naas vlees en ook af-týkenen, ⁽³⁾ en Meurant skryf omstreeks 1850 feitlik konsekwent teiken (vv.) ⁽⁴⁾

Soos in Ndl. is die ei-vorms egter mettertyd uit beskaafde Afr. geweer, behalwe waar die behoud daarvan gedien het om verakille in betekenis aan te toon, bv. teken en teiken. In teenstelling met Ndl. het vleis egter in Afr. die gewone vorm geword, en vlees is alleen in deftige of figuurlike taal behou. Ander ei-vorms, soos gemeinte, meining, kleidjie, word vandag nog net onder minder beskaafdes gehoor, of geld as ouderwets, maar dit is uit die vroeë geskryfte duidelik dat die differensiasie tussen die vorme in

die /

(1) Klooke, p. 204.

(2) Franken: V.R.V. 15, p. 242.

(3) Smuts, p. 55.

(4) Scholtz: Neur., p. 29.

die 18de en begin 19de eeu nog nie sterk gevoel is nie. Dit is met 'n gevoel van trots dat 'n sekere Matthys Sondagh sy „gewoone hantykening“ onder aan sy rapport neerpen (43 - '81).

3. Wisseling van „u“ en „ou“.

Nog 'n wisseling in Afr. wat gelyk staan met 'n verskynsel in Hollands, is dié van u(v) en ou(v). Voor die intree van gevoelsdifferensiasie tussen die vorms vind ons in die 17de eeu woordes soos nou, grouwelyk, douwen en waarschouwen naas nu, gruwelyk, duwen en waarschuuven.⁽¹⁾ Afgesien van die vorm nou word alleen die u-vorms vandag as beskaaf erken, maar ondanks die lae waardering van die ou-vorms, het waarskou tog in ons taal bly voortleef in teenstelling met ander ou-vorms wat al lenk nie meer gehoor word nie. Waarskou word nog in sommige streke gebruik, veral deur die gekleurdes.⁽²⁾

In die briewe het ons ongelukkig weer voor die probleem van die beperktheid van die gegewens te staan gekom, dus kan ons nie 'n volledige beeld van die gebruik van die twee vorms in die tweede helfte van die 18de eeu vorm nie. Slegs die ekwivalent van die woord waarschouwen kom ruim ses keer voor, en elke keer met die ou-vorm, bv.:

„ik hebbe den vee wagter eens loesing;
gegeven en gewaer schouwt dat hy by my
van myn land soude afblyven“. (3 - '52).

Ook die abstrakte snw. „een waar schouwing“ (150 - '95) kom voor.

As 'n mens enigsins 'n gevolgtrekking uit die beperkte gegewens mag maak, dan lyk dit asof die uitsluitlike gebruik van die ou-vorm 'n aanduiding kan wees dat die laer waardering van die vorm aan die einde van die

18de /

(1) Kloeke, p.74.

(2) Beschr. Klankleer, p.22.

18de eeu nog nie tot die platteland deurgedring het nie. Kloeke ⁽¹⁾ beweer dat die laer waardering van die ou-vorm ná die 17de eeu begin posvat het, terwyl Scholtz ⁽²⁾ in sy bespreking van Kloeke se boek die mening uitspreek dat dit kort na die middel van die 17de eeu moes gebeur het. Die briewe werp geen lig op die saak nie, want ongelukkig kom juis net waarskou, die enigste ou-vorm wat lank in die taal hly leef het, in ons briewe voor. Of hulle dus reeds die ou-vorm in ander woorde laat vaar het, en bv. gruwelik gesê het, bly vir ons duister. Franken meld ook nie wat die gebruik by Wikar was nie.

4. Wisseling van „ee” en „eu”.

In Afr. vind ons dat die uitspraak [φ] i.p.v. [e] nogal algemeen is in woorde soos seuwe, veul, sneul, i.p.v. sewe, veel, speel. Die ou-vorms word egter nie in ons skryftaal erken nie. Hierdie wisseling gaan terug op die 17de-eeuse Hollandse taaltoestand, ⁽³⁾ en ons kan dan ook verwag om die ou-vorms in die briewe aan te tref.

Eienaardig genoeg vind ons net een voorbeeld van die ou-vorm in die briewe:-

„dat ... van myn is weggeloopen een Hottentot genaam sneulman” (97e - '87).

Miskien is die min vorms toe te skryf aan die beperktheid van ons taalmateriaal, want van die vroegste tye was die vorm onder bepaalde persone taamlik algemeen. Coetzee het in die Kaapse geskrifte van die 17de- en 18de-eeu vorme soos sneuls en beusenstok aangetref. ⁽⁴⁾ By Wikar kom die vorm blykbaar nie voor nie, ⁽⁵⁾ en Trichardt skryf net eenkeer speulshheid, ⁽⁶⁾ maar Meurant gebruik die vorms

veul, /

(1) Kloeke, p. 129.

(2) Scholtz: Bespreking, Hgn., 14 Julie - 4 Aug. 1950.

(3) Kloeke, p. 169.

(4) Pienaar, p. 110.

(5) Franken: V.R.S. 15.

(6) Smuts, p. 73.

veul, sneul, en beuzen.⁽¹⁾

Tot duever het ons met verskynsels te doen gehad waarin die as beskaafd geldende vorms in Afr. ooreenkom met dié van die A. B. Ndl. Sekere vorms wat in die tyd van die veldwagters gewoon was, het tot die kleurlingtaal afgesak.

Nou kom ons by die klanke waar die erkende Afr. vorms nie altyd dié is van die Ndl. A. B. nie, maar met die dialekties Holl. vorms ooreenkom.

5. Wisseling van „oo” en „eu” (oam. zerekte [u]).

In Afr. kry ons in sekere woorde 'n [ø]-vokaal, waar Ndl. [o] het, bv. Afr. seun, deur, Ndl. zoon, door. Die eu-vorm is baie verbreed op Ndl. taalgebied, maar om een of ander skynbaar onverklaarbare rede is die ou oo-vorm vir die A.B. aangeneem.⁽²⁾

In die briewe kom door as voorsetsel byna deurgaans voor, maar tog tref ons deur nou en dan aan, bv.:-

“(daar) ik nu al twe jaaren in ses maanden niet heeft kunnen Reyyen, door peynleykheyd in myn gelederen, de helen Ligham duer”
(63a - '83).

Vergelyk ons die toestand met dié in ander geskrifte tot ½ 1850 (bv. dié van Wikar, Johanna Duminy, Meurant, Boniface en Trichardt), kan ons aflei dat al word die vorm door in verhouding meer gebruik as deur, die eu-vorm dié van die gewone spreektaal moes gewees het, veral omdat Trichardt hiperkorrekte door skryf vir die snw. deur en dus waarskynlik doelbewus probeer het om nie sy spreektaalvorm te gebruik nie.⁽³⁾

Wat eienaardig is, is dat die eu-vorm van die woord zoon glad nie in die briewe voorkom nie, behalwe in

een /

(1) Scholtz: *Meur.*, p. 61.

(2) Kloeke, p. 74.

(3) Smuts, pp. 72, 73.

een onsekere geval (84 - '86): „Saul Johannes Marajs (:)
 Een Seon." Die spelling in die brief is taamlik onbeholpe,
 dus kan 'n mens aflei dat „eo" 'n poging kon wees om die
 vokaal [ø] weer te gee.

Die vorm geun kon blykbaar nie by Wikar voor
 nie, al vind ons verskeie kere deur.⁽¹⁾ Ook by Trichardt
 en Oberholster vind ons altyd zoön (soön).⁽²⁾ Dit is egter
 onwaarskynlik dat zoön in die taal van die koloniste sou
 bly voortleef het (in teenstelling met deur) as geun ook
 reeds in die 17de eeu gewoon was. Tog is dit moeilik om
 te verklaar waarom die zoön-vorm so konsekwent in die ge-
 skrifte gebruik is.

Waar Afr. met die A.B. Nederlandse vorme met
oo, byv. woon, koning, ooreenstem, moet ons aanneem dat
 die laer waardering van die gu-vorme in dié woorde reeds
 in die 2de helfte van die 17de eeu ingetree het, en dat
 die moontlikheid dat die vorme in Suid-Afrika sou voort-
 leef, gering was.

In die briewe vind ons dan ook geen voorbeelde
 van gu-vorme in hierdie woorde nie, maar weer moet ons
 rekening hou met die beperktheid van ons materiaal wat
 uit die aard van die briewe spruit. Woorde soos geut /
goot, heuning / honing, koning / keuning, neut / noot,
somer / zomer, waar die [ø]-vokaal in Hollandse dialekte
 bekend is, kom nie in die briewe voor nie. Wel vind ons
 deurgaans die voorsetsel en bywoord voor. veur is waar-
 skynlik nie lank in Suid-Afrika gehoor nie, aangesien dit
 reeds in Nederland vroeg begin verdwyn het, al gebruik
 o.a. Vondel soms nog veur.⁽³⁾

Nog 'n woord wat ons i.v.m. hierdie verskynsel
 moet noem, is Afr. botter, (A.B. Ndl. poter.) Afrikaans

sluit /

(1) Hofmeyr, p. 4.

(2) Smuts, p. 72.

(3) Kloeke, p. 93.

sluit aan by die 17de-eeuse Amsterdamse botter en schottel - vorme wat trouens toe nog nie uit die „skryftaal” geweer is nie en moontlik ook in Holland buite Amsterdam as spreektaalvorme (tussen die „boerse” u - en die hoër beskaafde o-vorme) bekend was. (1)

Die woord schottel kom nie in die briewe voor nie, en botter word net tweemaal genoem, albei in dieselfde brief en altwee kere met die o-vokaal:-

„En voor die botter naa brede ravier het ick hem een Letter voor gegee” (12 - '70).

Botter was waarskynlik van die begin in Suid-Afrika die gewone vorm. Van Riebeeck het dit reeds gebruik. (2)

6. Wisseling van -leuw en -uw.

Die Afrikaanse vorms van Ndl. nieuwe en nieuw is nuwe en nuut.

Soos botter is nuwe die „evident kontinentaal-Hollandse” vorm, (3) en Afr. staan dus hier weer op een lyn met die 17de-eeuse algemene Hollandse spreektaal.

In die briewe tref ons nieuw(e) die meeste aan, maar nuwe kom partykeer voor - byna uitsluitlik in eiename, bv.

„Hendrik Nuwenhuysen” (21B - '76), „in dank die plaats maar aft die in het nuwe velt geleegen is” (18 - '73).

Die werkwoordelike vorm verskyn in 'n brief van L. Erasmus (47 - '81):

„de plaese die u vernuwe moet”.

In Trichardt se Dagboek kom nieuw nooit voor nie, maar tweekeer nuwe. Oberholster (1828) en Joubert (1829) gebruik ook nuwe, (4) maar Boniface, waar hy die woord eenkeer gebruik, skryf nieuwe. (5) Nieuw is waarskynlik in

die /

(1) Scholtz: Bespreking.
 (2) Klooke, p. 85.
 (3) " , p. 185.
 (4) Smuts, p. 71.
 (5) Scholtz: Bon., p. 81.

die 19de eeu onder invloed van die skryftaal in geskifte gebruik, en dit is betreklik seker dat nuwe in die 17de en 18de eeu die gewone spreektaalvorm was.

Nuut is soos nuwe 'n ou 17de-eeuse Holl. vorm (wat moontlik ontstaan het na analogie van oud.) In die briewe het ons slegs die voorbeeld opnuut (133a - '95):

„dat het nog gedurig vervat in opnuut
versweer”.

7. Wisseling van e en i. (1)

Die oorgang van [I] tot [ɛ] en van [ɛ] tot [I] in geslote sillabe was reeds in Mnl. 'n gewone verskynsel, en wisselvorme het in talryke woorde naas mekaar gestaan. In Afr. het die [I] (uit Ogm. *ī*) verder verskuif tot [e]. Wisselvorme wat in Afr. bestaan, kan spesifiek Afr. wees, maar dit is moeilik om dit met sekerheid te bepaal, aangesien wisseling in die 17de eeu nog baie algemeen in die Hollandse volkstaal was.

Voor konsonante (uitgesonderd nasaal).

Die oorgang van [I] tot [ɛ] word in Afr. slegs in 'n paar woorde erken, bv. ek (Ndl. ik) en soms waar i voor ɪ staan, bv. optel (Ndl. optillen).

Vir die persoonlike vnv. vind ons nog deurgaans ik, behalwe herhaaldelik in 'n sterk Duits gekleurde briefie (129 - '95):-

„nu versuk ek u Ed. vor myn te spreken
indien ek erst den Brieff den 9st.
ontvangen hebbe”.

Het die Duitser probeer om Ndl. te skryf soos hy dit gehoor het? Waar sou hy anders aan die vorm ek gekom het? Indien hy deur die spreektaal gelei is, is die ek-vorm hier van groot belang, aangesien ek selde of nooit voor 1850 ge-

vind /

(1) Scholtz: *Lingua*.II (1943), p.21 vlgg.

vind is nie. (1)

In die briewe kom die g-vorm dikwels voor l voor, maar nie een van die vorms word vandag as beskaaf erken nie, bv.:

wel i.p.v. die ww. „wil” (5 - '66), gedreft, dinst wellige (24a - '76), Apriël (23 - '76), stel (98 - '87), Wellems vir „Willems” of „Willemsse” (37 - '79).

Dit is egter duidelik dat die verskynsel algemeen was, en nie tot die vokaal voor l beperk is nie, bv.

kleppedref (67 - '83), vlen vir „Flip” (109 - '89), det (13 - '70), meddel (114 - '97), destreksie (23 - '76), dref (87 - 86), es (24 - '76), berecht (23 - '76), legt (38 - '79), derk vir „Dirk” (23 - '76).

Hierdie vorms met g word nog gehoor onder minder beskaafde sprekers en veral kleurlinge.

Die teenoorgestelde werking, naamlik oorgang van [g] in [l], kan ook in Afr. voorkom. Alleen wilsand naas welsand word egter erken, al sê sommige beskaafde sprekers ook aspris vir ekspres, verlin vir verlen.

In die briewe is daar slegs 'n paar gevalle wat die oorgang in bekleemde lettergrepe vertoon, bv.:

plik, trikken (74 - '84), yilt vir „yeld” (41 - '80).

Die vorm sitten i.p.v. zetten, wat 'n paar keer voorkom (bv. 81 - '85), kon ook as gevolg van verwarring van die kousatief met die primêre w.w. ontstaan het, al is die twee vorms blykbaar nie (soos liggen en leggen) in Ndl. deurmekaar gebruik nie. Vandag is die enigste vorm sit.

In die onbetoonde posisie is mit (46 - '81) en wil, bv. wil E.D. (130 - '95) dikwels gebruik. Tog vind

ons /

(1) Scholtz: Afr. Brief, p. 61.

ons wil ook in 'n sin waar die woord juis sterk beklemtoon word, bv.:

"dat.... s'n vrouwe siek was in dat sy wil
hulp nodig het" (82 - '85).

Voor nasaal - velêr, bilabiaal of alveolêr, gedek of ongedek.

Wat die [ɛ] en [a] voor velêre nasaal betref, is dit duidelik dat die i-vorm in die 17de-eeuse Hollandse spreektaal betreklik gewoon was en in klugte en blyspele dikwels voorgekom het. In egte volkswoorde wyk Afr. van Ndl. af deur die gebruik van i, bv. bring, skink (A.B. Ndl. brengen, schenken). In woorde wat nie juis „volks" genoem kan word nie, kry ons in Afrikaans ook die e onder invloed van Ndl., eng, denkbeeld.

In die briewe is die woorde waarin hierdie verskynsel sigbaar kon word, ongelukkig beperk.

Naas brengen en denken kom die vorms bringe(n) en dinke(n) heel dikwels voor (o.a. 47 - '81):

"ik dink dat myn soon u de gelt wel
bringe sal".

Selfs in formele uitdrukkings en eiename kom die [ə]-vorm voor, bv.:

"Myn heer Den wel Eiel Gestringe heer Gouverneur" (46 - '81), „cornelis Ingelbreg (98 - '87).

As drenken twee keer vir drinken voorkom (125 - '94), dink ek dat dit as hiperkorrekte vorm gëinterpreteer kan word, wat dus die vermoede steun dat die i-vorms in die spreektaal taamlik verbreid was. Ook by Wikar,⁽¹⁾ Trichardt,⁽²⁾ en Bezuidenhout⁽³⁾ kom die i-vorms veelvuldig voor. Meurant⁽⁴⁾ skryf oorwegend denk, schenk, maar ons kan dit aan skryftaalinvloed toeskryf.

Dat /

-
- (1) Franken: V.R.V. 15 p. 243.
(2) Smuts, pp. 62, 63.
(3) Scholtz: Afr. Brief, p. 61.
(4) " : Meur., p. 30.

Dat hierdie verwarring ook onsekerheid in verband met die letters g en i veroorsaak het, kan duidelik gesien word, bv.:

geng vir „ging“, koreng, schekgeng, (99 - '87), Dengesdag (98 - '87).

Voor bilabiale of alveolare nasaal kom die wisseling van [ɛ] en [ə] dikwels voor. Wat i-vorms betref, word slegs skinder naas skender in Afr. erken, maar in dialektiese Afr. is daar 'n sterk neiging om die i voor alle nasales te gebruik. In die 18de en eerste helfte van die 19de eeu was die [ə]-uitspraak reeds baie algemeen.

Ongelukkig kom slegs skenderagtig (net eenkeer, 70 - '84) in die briewe voor. In vir en tref ons daarenteen ontelbare kere aan (99 - '87). Verder dikwels kin vir ken (46 - '81), ontrint (30 - '78), sint vir send (46 - '81), toewinsinge (47 - '81), min vir „men“ (51 - '82), toe stians (79 - '85), bekint (119a - '93) ens.

Waar die i-vorm ook die Ndl. vorm is, word dit in Afr. naas die ander erken. Slegs aan ken en wen is in Afr. burgerreg gegee.

In die briewe kom die woord en vorm wennen net een keer voor (13 - '70), verder en vir in baie dikwels (24 - '76), begen (112 - '90), sen vir „sin“ (119 - '93).

Ook voor gedekte nasaal vind ons 'n paar g-vorms, bv. die ww. getenbert (74 - '84), seupele, kenderen (99 - '87), bemende (107 - '89), twentig (110a - '90).

Die wisseling van [ɛ] en [ə] is ook in ander ou Kaapse geskrifte gewoon, o.a. in die heel vroegstes wat Coetzee⁽¹⁾ ondersoek het, en by Wikar, Trichardt en Bezuidenhout. Vandag word baie vorms as plat beskou omdat hulle veral onder die kleurlinge verbreid is. Selfs hender, aspris,
verlip, /

(1) Pienaar, p. 118.

verlip, wat dikwels onder beskaafde sprekers gehoor word, word nie erken nie.

Dit is seker dat die wisseling groter afmetings aangeneem het in die binneland as digby die Kaap, waar die Ndl. invloed altyd betreklik sterk gebly het. Met die erkenning van Afr. as kultuurtaal is die wisselvorme wat afwyk van die A.B. Ndl. en aan die Kaap ook as dialekties gevoel is, uit die skryftaal geweerd. Daardeur is 'n sekere bestendigheid gebring in 'n toestand wat tot in die 20ste eeu nog baie vloeibaar was.

8. Gerekte er en ar voor dentaal.

In Ndl. en Afr. wissel e(ê) en aa af voor r plus konsonant (veral dentaal); maar al kom die Afr. vorms grotendeels ooreen met dié in Ndl., bv. saarde, baard, wyk Afr. tog dikwels af van die A.B. Ndl., bv. perd (Ndl. paard), kers (Ndl. kaars).

Die differensiasie van aar- en er- woorde in Afr. berus op die toestand in die 17de en 18de-eeuse algemene Hollandse spreektaal, en baie van die ê-vorme het nog in Amsterdam as ouderwets bly voortleef tot die laaste kwart van die 19de eeu.⁽¹⁾ Afr. staan dus in dié geval, net soos met die oo/ou-wisseling, op een lyn met die 17de-eeuse Hollandse spreektaal.

In die briewe is die gegewens i.v.m. hierdie verskynsel beperk. Paart word dikwels geskryf (118 - '93), maar ons vind in die briewe ook e-vorme, bv.:

"... maar geen water gevonden soo dat my en slagvee en perde verdorst waare".

By Wikar tref ons die vorm peerd aan, maar Franken maak ongelukkig geen melding van paard- of perd-

vorme /

(1) Scholtz: Bespreking.

vorre nie.⁽¹⁾ In Joh. Duminy se dagboek kom o.a. kers,
perde, skêr dikwels voor naas vorre met die aa-vokaal,⁽²⁾
 dus is dit eienaardig dat Trichardt en sy tydgenote byna
 konsekwent die aa-vorre gebruik,⁽³⁾ wat as skryftaalvorre
 moet bestempel word, aangesien ook Bezuidenhout deurgaans
perd skryf.⁽⁴⁾

Ek dink ons kan aanneem dat waar Afr. die g-vorm
 ken, dit reeds algemeen in die spreektaal van die tyd was.

Slegs een keer kom die woord Maert as mert
 voor, bv.:

„tot en mant van mert” (32 - '78).

Die g-vokaal in dié woord kom blykbaar nie by Wikar, J.
 Duminy, Meurant, Boniface of Trichardt voor nie, dus sterk
 dit die mening van Dr. Scholtz dat die vorre met g in die
 woorde gersel, Maert en gwaard nie lank in algemene Holl.
 sterk gestaan het nie, en gevolglik in Suid-Afrika ook nie.

Soms het die ou g-nie oorgegaan tot aa nie,
 maar is gerek tot ee bv. in geerne, lanteern, weert, wat
 dan bestaan het naas vorre met aa.⁽⁵⁾ Slegs 'n paar voor-
 beelde van die aa-vorme kom in die briewe voor, bv.:

„dan souw hy dat geerne doen” (133a - '95),
 „die boven gemelde Perzoone soude jy spaare
 om 't gweert te voeren” (134 - '95).

By Wikar⁽⁶⁾ en Trichardt⁽⁷⁾ kom o.a. die vorme steerd,
peerd, voor en dit lyk asof Trichardt voorkeur gee aan die
ee- bo die aa-vorme, bv. veers, peers, maar ons moet ver-
 sigtig wees met die interpretasie van hierdie vorme omdat
 hulle moontlik Wikar en Trichardt se skryfwyse vir g kan
 wees.

9. Nie- /

(1) Franken; V.R.V. 15, p. 243.

(2) De Villiers, p. 15.

(3) Smuts, p.56.

(4) Scholtz: Afr. Brief, p. 61.

(5) Schönfeld, p. 64.

(6) Franken: V.R.V. 15, p. 242.

(7) Smuts, p.56.

9. Nie-gerekte er en ar voor konsonante.

Hier kry ons 'n merkwaardige ooreenkoms tussen Ndl. en Afr., bv. berg, sterk. Afr. wyk net in enkele woorde, soos gars, vars, derm, gerf, van Ndl. af. Die meeste van hierdie vorms (met uitsondering van derm) was in die 17de eeu (en tot in die 19de eeu) gewone skryftaal-vorme.

Uit die beperkte gegewens van die briewe kan ons die gevolgtrekking maak dat die vorms wat die veldwagters gebruik het, ooreenstem met die gebruik in die huidige Afr. (o.a. 121 - '93):-

„en seyn paerde gevoert(,) so veel als
hey wil not gars en kaf”.

Van afwykinge van die Afr. vorme is slegs 'n paar voorbeelde gevind (o.a. 112 - '90):-

„anders weet ik niets te melden als de
hertelyke groetenis aan u E.”

Verder kom voor k die ar voor waar ons dit vandag as plat bestempel (24a - '76: „harklas Velioen”).

In breë trekke kan ons sê dat ook met betrekking tot die ar / ar-kwessie Afr. op een lyn met die algemene Hollands van die 17de eeu staan.

10. Verkorting van vokaal voor konsonant.

Afr. woorde het in 'n paar gevalle 'n kort vokaal in teenstelling met 'n lang vokaal in Ndl.

So vind ons in Afr. onder party sprekers die uitspraak vrind i.p.v. viende. Die vorm vrint naas vrient dateer al uit Mnl. ⁽¹⁾

Vrint, vrint schan en vrindelyk kom dikwels in die briewe voor, bv.:

„nu /

(1) Schönfeld, p. 29.

„nu is myne vrindlyke versoek sulks
niet toe te staan" (80 - '85).

ndl.?

In Ndl. kry ons ook soms 'n wisseling van most
en moest wat uit Ndl. ⁽¹⁾ stam. Afr. ken slegs die vorm
moes, maar in 'n brief van '92 (116) vind ons die twee
vorme naas mekaar in 'n enigszins onduidelike sin:

„de kaffers eyste van meyn dat ik Buys
moes de osse nog late betalen”.

Ongelukkig vind ons geen voorbeeld van genoeg
of genog in die briewe nie, sodat dit onmoontlik is om te
oordeel hoe dié twee vorme aan die einde van die 18de eeu
in die waardering teenoor mekaar gestaan het.

'n Voorbeeld van verkorting van vokaal voor n
vind ons in Afr. blom (ndl. bloem). Dit is 'n verskynsel
wat reeds vroeg in Ndl. bekend was, vandag nog is blom
die egte Hollandse vorm. ⁽²⁾

Twee keer kom die [ɔ]-vorm in die briewe voor -
een keer in 'n eienaam (21b - '76: „de blommen vontyn) en
een keer as gewone snw. (72 - '52):-

„dat de kaptyn Meyer drie osse bringe(n)
souw, als de doorens blomme kreegh”.

Vir 'n duidelike beeld van die taaltoestand is die gegewens
in die briewe te beperk. Die woord bloem of blom kom nêrens
weer voor nie, dus kan ons nie die waarde van die [ɔ]-vorme
teenoor moontlike [u]-vorme bepaal nie. Wiker gebruik slegs
die [ɔ]-vorm ⁽³⁾ en Trichardt twee maal die [u]-vorm teenoor
een maal „blommetjies”. ⁽⁴⁾ Die [ɔ]-vorm was heel waarskyn-
lik reeds vroeg aan die Kaap algemeen.

Troen /

(1) Schönfeld, p. 29.

(2) Kloeke, p. 293.

(3) Franken, V.R.V. 15, p. 243.

(4) Smuts, p. 69.

Troep en trop wissel af soos bloem en blom in Hollandse dialekte.⁽¹⁾ Die Afr. vorm trop word een keer aangetref in die briewe:-

"myn troppe klyne kinders" (133a - '95).

Verder kom trop al deurgaans by Jan van Riebeeck⁽²⁾ voor, en Wikar⁽³⁾ en Trichardt⁽⁴⁾ gebruik albei slegs trop.

Troep en bloem het blykbaar van die begin af aan geen vaste plek in die Kaapse taal kon verower nie.

Naas talryke gevalle van die o-vorm in die infinitief komen vind ons twee keer komme, bv.:

"de volk wat (-) na hum moet komme"
(101 - '88).

Kommen is ook dialekties bekend in Ndl. en is dus nie spesifiek Afr. nie, maar moontlik was die [ɔ]-vorm hier nie so vroeg algemeen verbreed nie.

Verkorting van die vokaal in die woord voort kom in Afrikaans voor, maar vort was ook reeds in Mnl. naas voort bekend.⁽⁵⁾ Vort verskil in Afr. effens in betekenis van voort. In die briewe kom vort een keer voor i.p.v. voort:-

"daar moet ik myn heele boerrery daar
me vort sitten" (81 - '85),

en een keer in die huidige Afr. betekenis:-

"ben ook self niet wel ... ken niet vort"
(114 - '91).

In die gewone Afr. spreektaal hoor mens ok naas ook. Die [ɔ]-vorm is in baie Ndl. dialekte bekend en kom reeds in Mnl. voor.⁽⁶⁾ Net 'n paar voorbeelde van ok tref ons /

(1) Smuts, p. 69.
(2) Kloeke, p. 307.
(3) Franken, V.R.V. 15, p. 243.
(4) Smuts, p. 69.
(5) Schönfeld, p. 65.
(6) Franck- van Wyk.

ons in die briewe aan (137 - '97):-

„en ok niet in haarle uyt drift”,

en in dieselfde Duits gekleurde brief waarin ons die pers. vnv. ok gekry het (129 - '95). Ok was vermoedelik meer verbreed in die spreektaal as wat die geskrifte tot die middel van die 19de eeu laat blyk.

Afr. gaan in die meeste gevalle ook hier saam met die algemene 17de-eeuse Hollandse volkstaal.

Ndl. vandaag het in Afr. vandaag geword, onder invloed van dag. Ons vind slegs een keer die vorm vandaag in ons briewe:-

„dit is van/dag die 6de Dag dat ik dag
of nagt rust heef” (102 - '88).

Trichardt gebruik nog albei vorms,⁽¹⁾ maar Meurant⁽²⁾ en veral Bezuidenhout⁽³⁾ skryf vandaag. Hier het ons met 'n spesifieke Afr. vorm te doen; dit is van belang om te weet dat dit reeds in die tweede helfte van die 18de eeu sporadies begin voorkom.

11. Nasalering.

Nasalering van lae en middellae klinkers, veral voor 'n nasaal plus frikatief, word vandag as die Afrikaanse standaarduitspraak beskou, bv. ons [õ·s], gans [χã·s], mens [mẽ·s]. Dit is nie 'n verskynsel wat onafhanklik in S.A. ontstaan het en vreemd aan Ndl. is nie. Van Haeringen sê dat nasalering „een zeer verbreide eigeaardigheid van de volkstaal over het hele Nederlandse gebied” is,⁽⁴⁾ maar dit word as onbeskaaf beskou.

Aangesien nasalering nie in skrif weergegee kan word nie, is dit uiters moeilik om vas te stel in hoe

'n /

(1) Smuts, p. 59.

(2) Scholtz: Meur., p. 29.

(3) Scholtz: Afr. Brief, p.61.

(4) Nieuwe Taalgids (xxi p.161)

'n mate dit in die spreektaal van die eerste koloniste aanwesig was. Dat dit nie algemeen was voor die trek ooswaarts aan die begin van die 18de eeu nie, kan afgelei word uit die feit dat die Oostelike Provinsie selfs vandag nog nie deurgaans nasaleer nie.

In ons briewe kry ons in een woord 'n aanduiding van nasalering, nl. die vokaalrekking wat daarmee gepaard gaan:

„dat de been heeltemaal ongaans is" (133a-'95).

Uit die taal van Wikar het Franken „genzebok" (vir Ndl. gens) aangeteken, en hy beskou dit as 'n poging om die genasaleerde vokaal weer te gee.⁽¹⁾

Sonder hoop op enige definitiewe bewyse, moet ons aanneem dat die verskynsel betreklik dikwels in die spreektaal van die mense voorgekom het.

12. Verhoging van vokaal.

Verhoging van [o] en [e] vind ons vandag in die Boland, bv. [bum] i.p.v. [bom], [bin] i.p.v. [ben]. Daar bestaan verskil van mening oor die herkoms van die tipiese Bolandse uitspraak omdat 'n soortgelyke verhoging in die Hollandse Volkstaal aanwesig was, maar omrede die klein omvang (geografies) van die verskynsel en die feit dat die verhoging in die Boland nie voorkom voor l en r nie, (wat wel die geval in Holl. dialekte is,), moet ons aanneem dat daar 'n ander verklaring vir die verskynsel in die Boland moet wees.

In die briewe vind ons net een voorbeeld (32 - '78):

„de brande wuyns kietel".

Die vorm is moeilik te verklaar. Moontlik het ons hier net 'n ou Holl. dialekvorm te doen, want as voorloper van die Bolandse verhoging kan mens dit nouliks beskou. Maar

omdat /

(1) V.R.V. xv, p. 243.

omdat die verskynsel so uiters min voorkom in geskifte voor die middel van die 19de eeu (vorms waarin die verhoging te voorskyn tree, word selde gemeld deur die werkers van ou bronne), en as 'n mens in die brief die eienaardige ronding van die diftong [əi] in ag neem, is dit waarskynliker dat ons hier met 'n individuele afwyking te doen het.

13. Ronding en ontronding van vokale en diftonge.

In die mond van minderbeskaafde sprekers en veral kleurlinge hoor 'n mens dikwels die uitspraak [əi] i.p.v. [əy], bv. [həis] vir [həeys]. Dit is 'n gevolg van slap artikulasie wat tipies is van Afr.

Ons vind hierdie verskynsel ook in die briewe van die veldwagters (o.a. 105 - '89):

„en ik bin drie dagen dar na, dat het Comando is əyt gegan, erst de həys (te həys) gekomen”.

en 'n sekere Pretorius skryf aan die end van sy brief (30 - '78):

„det getyge ik det waarhyt te syn”.

Ook [i] i.p.v. [y] is 'n algemene slordige uitspraakvorm. Twee keer word Jacob Kruger in 'n brief gemeld, maar daarnaas een keer Jacob Kriger (101 - '88). Von diese of van diese kom enkele kere voor (o.a. 50 - '92), nooit vendusie nie. Vandisie word vandag naas vendusie in ons skryftaal erken.

Die [y] in „Nucolaas van Wyk” (99 - '87) en „Abraham J. grusel” = Griesel (110 c - '90) kan as hiperkorrekte skryfvoorme of as ronding van [i] beskou word.

As hiperkorrekte vorm teen die ontrondingsproses vind ons in een brief deurgaans [əy] i.p.v. [əi] (32 - '78: buŷ = by, vruŷ = vry en wuŷn = wyn):

"daar buŷ gelaaten (....) vasten en
de brande wuŷns kietel.."

Eienaardig is die woord wuŷeravier vir die naam van sy
„opstal“.

Klupheuvel (84 - '86) en duŷ = dit (110a - '90)
kom elk een keer voor.

Hierdie vorms is veral interessant omdat hulle
die spreektaal weergee.

Na die bespreking van 'n reeks verskynsels wat
die klankvorm van groepe van woorde aangetas het, bly daar
enkele los vorme oor wat nie in groepsverband kan gebring
word nie. Hulle word dus afsonderlik behandel. Dit is
die woorde koei, koel, oeg en Boesman. Die eerste drie
woordvorme stam uit ouer of dialektiese Ndl.; die laaste
vorm het heel waarskynlik op Afrikaanse bodem ontstaan,

14. Afr. Koei, Ndl. Koe.

Waar Ndl. kog as beskaafde vorm het, bestaan
alleen koei in Afr. Vermoedelik gaan die Afrikaanse vorm
terug op die 17de-eeuse dialektiese Hollandse koei (koey),⁽¹⁾
al sou dit ook onafhanklik onder invloed van die meervouds-
vorm koeien kon ontstaan het. Kloeke vermoed dat die vorm
koe nooit 'n vaste plek in Afr. gekry het nie.

Die Afrikaanse vorm kom in ons briewe 'n paar
keer voor (o.a. 2 - '52):

"(dat) met myn weeten geen eene koey naer
haer kalf komme loope heeft".

Die vorm koe verskyn egter in die eienaam „seekoe re Vier“
(o.a. 85 - '86), maar reeds in 1663 vind ons die vorm
seekoey by Wreede.⁽²⁾ By Wikar vind ons ook koey.⁽³⁾
Dit lyk dus asof koei van vroeg af die algemene spreek-
taalvorm aan die Kaap moes gewees het.

15. Ndl. /

(1) Kloeke, P. 178.

(2) id.

(3) Franken V.R.V. 15, p. 242.

15. Ndl. kogel, Afr. koëll en Ndl. oogst, Afr. oes

In Afr. is daar 'n paar woorde waar die vokaal [u] gebruik word i.p.v. die Ndl. [o], nl. koëll en oes (Ndl. kogel, oogst).

Die vorm koegel bestaan reeds in 17de-eeuse Hollands; die WNT VII gee sitate uit die werke van Hooft, Bredero, Vondel e.a. Die mening dat ons vorm aan die Kaap onder Duitse invloed ontstaan het, is dus verkeerd, aangesien ons hier klaarblyklik met erfgoed te doen het.

In die briewe kry ons verskeie voorbeelde van die og-vorm, bv.:

"dat David de koker Een koegel schoot door
"syn bil had ...
De koegel is daar door gegaan met kruyt
en als" (103 - '88).

Die vorm oeg kom in die briewe slegs enkele kere voor, bv.:

"als myn kooren afgeoest is" (138 - '97).

Die snw. oest is in Nederland as 'n dialektiese vorm bekend (Ndl. oest, wat teruggaan op Afr. ooust uit Vulgêr-Latyn Agustus.)⁽¹⁾

Sowel koegel as oest moes reeds vroeg in Afr. bestaan het. In Van Riebeeck se tyd vind ons dat Fredrick de Smit coegels gebruik,⁽²⁾ en dat Van Riebeeck self verskeie kere oogst ('n moontlike kontaminasievorm van oogst en oest) skryf.⁽³⁾ Die vorms kom ook by Wikar,⁽⁴⁾ Trichardt en sy tydgenote⁽⁵⁾ en by Bezuidenhout⁽⁶⁾ voor.

16. Afr. Boesman, Ndl. Bosjesman.

'n Uitsonderlike verskynsel is die oe van Boesman in Afr. Al kom die vorm boesman by Kilian en Plantyn

voor, /

-
- (1) Franck-van Wyk.
(2) Kloeke, p. 316.
(3) Kloeke, p. 305.
(4) Franken, V.R.V. 15, p. 242.
(5) Smuts, p. 61.
(6) Scholtz: Afr. Brief, p. 61.

voor, is dit waarskynlik dat die Afr. vorm ontstaan het uit Ndl. bosiesman (miskien onder invloed van die Duitse koloniste).⁽¹⁾ Hierdie mening word egter nie deur almal aanvaar nie.⁽²⁾

Franken neem aan dat die vorme bossiesmans, bossemans of selfs bosmans (wat volgens hom die enigste vorme is wat in die Kaapse stukke van 1680 - 1830 voorkom) onder invloed van die skryftaal staan en dat boesman reeds vroeg in die spreektaal ontwikkel het.⁽³⁾

In ons briewe kom daar tog enkele kere (naas byna konsekwente gebruik van bossie(s)mans, bossemans en ook bosmans) 'n voorbeeld van die oe-vorm voor, wat Franken blykbaar nie raakgesien het nie, bv. Boessiesmans naas Bossiesmans (2 - '52) en:

„Jacob Neude trek weer weg na die roggevelt van weegens dat die boesemans zo plaagte” (23 - '76).

Ook as eiennaam kom Boesmans Berg naas Bossimans berg in een brief voor (110b - '90).

Soos in die briewe aangehaal kom die oe-vorm tog voor 1830 voor; dit steun dus Franken se vermoede dat boesman geleidelik die vorms bosiesman of bossiesman verdring het.

Trichardt⁽⁴⁾ en sy tydgenote skryf gewoonlik bosseman, maar Trichardt gebruik enkele male ook boesmans of boeseman.

Vandag word alleen die vorm boesman gehoor.

As dit aangeneem word dat boesman uit bosiesman ontwikkel het, kan ons i.v.m. hierdie verskynsel ook net meld dat landdroest (o.a. 10 - '70) en Stellenboes (63b - '83) in die briewe aangetref is. Dit is egter twyfelagtig

of /

(1) Franken, V.R.V. 15, p.251, voetnoot 18.
 (2) Franken: Boesman, p. 79 - (3) id., p.84.
 (4) Smuts, p.61.

of daar waarde aan dié skryfvoorme geheg moet word aangesien daar geen verdere spore van 'n sogenaamde oorgang van [ɔ] tot [u] in Afr. bestaan nie.

b. VOKALE IN ONBEKLEEMDE POSISIE.

Soos reeds opgemerk, is een van die kenmerke van die Afr. klankstelsel sy slap artikulasie en die neiging van alle vokale om nader aan die sogenaamde neutrale gebied te skuif. Veral in onbetoonde lettergrepe kan ons hierdie verskynsel waarneem, iets wat ook in die 17de-eeuse Holl. en in hedendaagse Ndl. dialekte nie ongewoon is nie. Daarteenoor vind ons ook dat die neutrale vokaal in onbekleemde posisie in 'n vol vokaal kan verander, of dat 'n onbetoonde vol vokaal met 'n ander vol vokaal kan afwissel (vgl. Afr. pampeen naas Ndl. pompoen, Afr. bobbejaan naas Ndl. baviaan). Ook hierdie verskynsels is nie tot Afr. beperk nie. Ons gaan dan nou die verskillende lotgevalle van die swakbekleemde vokaal in die briewe na.

1. Neutralisering van onbetoonde vokale of diftonge.

Algemeen is in Afr. die [ə]-uitspraak vir die onbekleemde Ndl. klank [ɪ], bv. rivier [rəfi.r], minuten [manytə].

In die briewe vind ons dan ook die e-spelling i.p.v. i, wat 'n aanduiding is dat daar nie meer 'n verskil tussen onbetoonde [ɪ] en [ə] gevoel is nie, bv.:

revier, refier (40 - '79) minuten (57 - '82),
speeenders (98 - '87), offesieren (78 - '85),
canneteyn (101 - '88) derek (135 - '95).

Wat die uitgange in vorms soos vandiese vir vendusie (56 - '82), condiese (62 - '83), ordenanse (68 - '83), februarie (104 - '89) ens. betref, noem ek hulle slegs om die

verwarring tussen die skryfvorms i of ie en e aan te toon. Dit is onwaarskynlik dat die woorde met [ə] as slotvokaal uitgespreek is.

Afgesien van die verswakking van [i] tot [ə] is die neutraliseringsverskynsel ook by ander vokale merkbaar, bv.

comande (70 - '84), corperaal (70 - '83),
Otte (104 - '89), Poullis (78 - '85),
Harmanis (11 - '70), wedewe (104 - '89),
bastert myt (78 - '85).

Sommige van hierdie uitsprake is vandag algemeen in die Afr. spreektaal, maar slegs baster(d) word in ons spelling erken.

Soms gaan die verswakking van die vokaal gepaard met verlies van 'n konsonant in die onbetoonde lettergreep. Daarvan is ook voorbeelde in die briewe te vind, bv. kommedant (2 - '52), ornanssie (69 - '83), transputeren vir transporteren (79 - '85).

2. Verlies van vokaal.

In Afr. vind ons dat 'n vokaal in enkele woorde verdwyn en daardeur die verlies van 'n lettergreep veroorsaak het, bv. kantein (Ndl. kapitein), vlei (Ndl. vallei) naas vallei met verskil in betekenis tussen die twee vorme.

In die briewe gebeur dit nogal dikwels dat vokale uitgestoot word. Op die oog lyk dit of die werking verder gaan as in Afr., maar in werklikheid staan die meeste vorms na aan die uitspraak van vandag,

Heel dikwels tref ons die vorm kaptyn of captyn aan (97c - '87), vleef of vly kom ruim vier keer voor, bv.:

„om dee vleef bey dese plaats tee hebbe" (97 - '87)

en in een brief lees ons:

„de paarde began te vrekke" (112 - '90).

Al i.p.v. alle in die verbinding alle twee kom net een keer voor:

„al twee bastaars" (136 - '97).

In plaas van terug en alles vind ons verskeie kere trug (84 - '86) en een keer als (139 - '97):

„dat ari van wyk ... als laaten op vreeten".

Verder kan ons noem corpraal (78 - '85), Januari (59 - '83), Vredrik (75 - '84), agterstalgen (48 - '82), dienst wilge (48 - '82), astrant (wat in Ndl. ook gebruik word teenoor ouer assurant (3 - '52). In armoet vir armoede (13 - '70) het ons 'n vorm met apokopee wat nog dikwels in Afr. gehoor word en ook in geskifte voorkom.

Die meeste van hierdie vorms is slegs interessant weens die lig wat dit werp op die vraag in hoe verre die veldwagters hulle spreektaal geskryf het.

3. Verkorting van vokaal.

Tussen die twee uiterstes van behoud en neutralisering of verlies staan die verskynsel van die verkorting van 'n swakbeklende lang vokaal. Voorbeelde daarvan in Afr. kry ons in die slotlettergrepe van algar en heeltemal (vgl. Ndl. allegaar en helemaal). Slegs van die laaste vorm het ons 'n paar bewysplase in die briewe, bv.:

„dat de bun heeltemal ongaans is" (133a - '95).

4. Wisseling en denutralisering.

Voorbeelde hiervan is talryk, veral waar [a] en [ə] ander vokale verdring, bv.:

Agustus (1 - '80), Harmanis (11 - '70), vantyn (13 - '70), Stavanie (95 - '87), Zaldery van-tyn (95 - '87), Gofferneur Corstoffel Otto (46 - '81), Jornaal (98 - '87).

'n Vorm wat vandag net gehoor word onder kleurlinge, moes in die tyd van die veldwagters baie algemeen gewees het, nl. [a] vir [i] bv. ravier of raavier (2 - '52). Ravier kom reeds herhaaldelik voor by Oloff Bergh, 1683.⁽¹⁾

Die uitgang -ig word in plat Afr. vandag nog -ag uitgespreek, bv. allenaag, maar in die briewe kom voorbeelde hiervan nie voor nie.

Verder is daar nog baie voorbeelde waarin ander vokale die oorspronklike verdring, bv.:

Amoonietse (46 - '81), ordinantse (49 - '82), compnies (84 - '82), priesentatie (63a - '83), ordoeneert (97 - '87).

Ook die „kleurlose“ vokaal gaan teen die algemene neiging in 'n ander vokaal oor, bv. in die eienaam Albert (69 - '83). Maar belangwekkend is veral die slotklank ee in Afr. weduwee teenoor Ndl. weduwe. Naas verskeie voorbeelde van die Ndl. vorm kom 'n vorm met ee soos in Afr. een keer voor:

„ook heb hÿ na gelate een arme weduwee met een klyne kint“ (46 - '81).

Dit is een van die gevalle waar die uitsondering vir ons van groot betekenis is.

In woorde van Franse oorsprong vind ons dikwels dat die „uitgang“ [ʒə], geskryf -ge, in Afr. uitgespreek word -sie. Dié uitspraak kom ook in ouer (dialektiese) Ndl. voor, sodat die veldwagters ook met die daarmee korresponderende skryfwyse bekend kon gewees het. Tog is dit interessant om in die ou briewe vorme soos gasie (119 - '93), kolesie (136b - '95) en selfs die persoonsnaam legrensie (117 - '93) teë te kom. Dit toon hoe hul spreekvorme deurbreek het in hul skryftaal, waar 'n ou skriftradisie dit nie te sterk teengehou het nie.

By ander ou skrywers tussen 1750 en 1850, soos

Wikar, /

(1) Scholtz: Bon., p. 81.

Wikar, Boniface, Trichardt en Meurant, kom verskynsels soortgelyk aan dié wat onder bostaande hoofde behandel is, dikwels voor. Veral die oorgang van [i] of [a] in [a] is algemeen. Dit is duidelik dat die uitspraak van die vokaal in onbetoonde lettergreep vroeër taamlik wisselvallig was. Vandag word - afgesien van enkele gevalle wat tot die algemene taal deurgedring het - slegs die verswakking tot [ə] geduld. Wat in die 18de en 19de eeu nog algemene uitspraakvorme was, klink vandag plat of onbeskaaf en het meestal tot die taal van onontwikkelde kleurlinge afgesak.

5. Vokaal in woorde in swak posisie.

In die sinsverband is daar baie klein woordjies wat in onbetoonde posisie staan en dus gevaar loop om te verswak. Die meeste van hulle is voorsetsels.

In Afr. beantwoord die voorsetsel vir aan Ndl. voor, maar in die briewe kom daar nie 'n enkele vir voor nie, (125 - '94):

„hey rey de heelen jaar waater voor hem om te drenken en voor zeyn vee het hey niets te drenken”.

Voor moes blykbaar die enigste vorm gewees het, want dit is moeilik om aan te neem dat die skrifbeeld so oorheersend was dat vir nooit sou ingesluip het nie. Ook in ander geskrifte van die tyd vind ons byna deurgaans voor. Eers in 1851 skryf Bezuidenhout ver naas voor.⁽¹⁾

Met en not was 'n ou wisseling in die 17de-eeuse Holl. spreektaal, maar in Afr. ken ons vandag net die vorm met. Tog moes not vroeër in S.A. bestaan het, want in een brief (121 - '93) kom dit deurgaans voor:

„drank en tabak heeft hey geeyst en seyn kleeer moest ik laet was not eygen seep”.

Bezuidenhout skryf ook nog not naas met.⁽²⁾

Waar /

(1) Scholtz: Afr. Brief, p. 61.

(2) id.

Waar Afr. net een vorm van die bywoord daar ken, het Ndl. twee vorme, nl. betoende daar en onbetoende gr.

Daar kom baie dikwels in die briewe voor, i.p.v. er (o.a. 111 - c'90):

"toe sý Johanna pritorius daar op dat daar
geen een was in huys die een nette lyf hat".

By die veldwagters was gr as bywoord klaarblyklik vinnig aan die uitsterf, hoewel dit nog nie uit hulle briewe verdwyn het nie. As mens nog die sterk invloed van die tradisionele skryftaal in aanmerking neem, was die posisie van daar nog sterker as wat uit die briewe blyk.

Die objeksvorm van die persoonlike vnv. 3de persoon manlik is in Ndl. hem en in Afr. hom uit 17de-eeuse Holl. hum, wat waarskynlik uit 'n ouer vorm him ontstaan het. In ons briewe kry ons nooit die vorm hom nie, maar enkele kere hum en eenkeer him, (o.a. 116 - '92):

"buys klaagt dat de kaffers van hum alveyftig
beesten gerooft heeft".

Dit is vreemd dat terwyl got naas net uit Afr. verdwyn het, hom vandag heeltemal die vorm hem verdring het.

B. KONSONANTE.

Die verskil tussen Ndl. en Afr. konsonante is nie groot nie, maar tog is daar afwykinge wat belangrik is. Sover moontlik sal ek weer probeer vasstel in hoeverre die verskynsels op Afr. bodem ontstaan het en hoe verbreed die vorms in die tyd van die veldwagters was.

1. Afrikaans „sk” teenoor Nederlands „sch.”

Teenoor die Ndl. verbinding sch [sx] aan die begin van woorde staan in Afr. sk [sk], bv. skaap (Ndl. schaap). Die oorspronklike uitspraak van die verbinding was [sk] en in N.-Holl. en ook elders het die [sk]-uitspraak hom nog altyd gehandhaaf. Tog is die Afr. sk moontlik 'n onafhanklike ontwikkeling en nie die voortsetting van 'n Holl. relikvorm nie.

In die briewe vind ons deurgaans sch, bv. schieten (o.a. 1 - '50), schans (o.a. 8 - '69), schryf (74 - '84). Tog is daar een brief waarin sc sewe keer voorkom (23 - '76): o.a. scans, rescooten, manscappe, derk scalk weyk. Ook later in 'n briefie van G. Maritz (110 - '90) het ek een geval van manscappe gevind teenoor drie keer die woord met sch en ook 'n paar ander woorde met die Ndl. skryfwyse.

Die enkele gevalle mag van groot waarde wees as ons dit nie ook as ou tradisionele spelvorme beskou nie. Dit is moontlik dat sk in die tyd reeds onder party mense die uitspraak was, want Coetzee teken vir die tydperk voor 1700 aan „gereedscape ens.”⁽¹⁾ (Jammer dat Prof. Pienaar nie meld wat die „ens.” is nie). Meurant en Boniface skryf nog sch vir sk.⁽²⁾ Ook Trichardt en sy tydgenote skryf nog konsekwent sch en nooit sk nie,⁽³⁾ maar dit moet waarskynlik aan die sterk invloed van die skryftaal toegeskryf word as

die /

(1) Pienaar, p. 118.

(2) Scholtz: Meur., p.29; Afr.Brief, p.61.

(3) Smuts, p. 41.

die paar gevalle van vroeë sc of sk as aanduiding van die spreektaal beskou kan word, en as ons die onmoontlikheid van 'n skielike totstandkoming van sk na die eerste helfte van die 19de eeu in ag neem.

2. Afr. [f], [s], [x] teenoor Ndl. [v], [z], [g].

In Afr. het die Ndl. stemhebbende frikatiewe [v], [z], [g] aan die begin van woorde en bekleemde lettergrepe stemloos geword, nl. [f], [s], [x]. In sommige 17de-eeuse Holl. dialekte kom die stemlose ekwivalente ook voor,⁽¹⁾ dus kan ons nie met sekerheid sê dat die stemloosheid van die frikatiewe spesifiek Afr. is nie. Hoe dit ook al is, - die stemlose uitspraak moes reeds baie vroeg aan die Kaap in gebruik gewees het, omdat dit in die briewe baie duidelik aan die lig kom.

Die skrywers van die briewe was blykbaar baie onseker oor die verskil tussen die gebruik van f en y. Ons vind in een brief (24b - '77) deurgaans 'n f i.p.v. y, bv. fou, ferkreegen, fee en selfs sout refier.

Vorms soos halfe (35 - '78), verbleife (105 - '89) kan miskien ontstaan het as gevolg van verwantskap of assosiasie met ander woorde met 'n klankwettige f.

'n Duideliker aanwysing van stemlose uitspraak is die deftige spelling ph i.p.v. y, bv. prophisi velt corpraal (110b - '90). Ook is die verwarring tussen y en f duidelik uit die vorm yantyn of yontyn wat baie dikwels voorkom (o.a. 10 - '70). Ek wil dit nie as hiperkorrek beskou nie, want dit staan byna konsekwent met 'n y geskryf. Ook vind ons bv. vlaww (84 - '86), ovisi (92 - '86). Hiperkorrek is waarskynlik die gebruik van y i.p.v. f by eiename (is dit miskien omdat hulle dan juis deftig en korrek wou skryf?), bv. Yloris (17 - '72), Vrederik (70 - '84), vrans roog (74 - '84) ens.

Ons /

(1) Schönfeld, p. 53.

Ons kan aanneem dat die [v] aan die begin van woorde reeds by die veldwagters stemloos geword het.

Die gebruik van stemlose in die plek van stemhebbende konsonante kan nog baie duideliker gesien word in die byna konsekwente gebruik van g i.p.v. ɣ, bv. soo, af, sefnde, seer, versoeke. Selfs in briewe wat 'n baie goeie Ndl. indruk gee, vind ons oorwegend g naas enkele kere ɣ (o.a. 61 - '83):

„waar op ik selfs sag dat het soo was.”

Selfs in intervokaleise posisie tref ons g i p.v. ɣ aan, bv. staer (45 - '81), duzent (66 - '83).

By J. Duminy kom die g deurgaans voor met uitsondering van drie keer ɣ.⁽¹⁾ By Boniface kom alleen ɣ voor,⁽²⁾ maar ons moet dit as skryftaalvorm beskou.

Wat egter moeiliker is om na te gaan, is die wisseling van [x] en [ɣ] aangesien albei met g gespel word. Tog kan aangeneem word dat die stemlose kons. ook in dié geval nie selde gehoor is nie.

3. Afr. [s] teenoor Ndl. [ʃ] en [z].

Die oorspronklike Franse stemhebbende [ʒ], geskryf g, het via die stemlose vorm [ʃ] saam met die oorspronklik Franse [ʃ], geskryf ch, in egte volksuitspraak [s] geword. Ons kry verskeie voorbeelde van hierdie verskynsel in die briewe, bv. gasie uit gache (119a - '93), kolesie uit college (133b - '95), logies en gelosseert uit logies en gelogeerd (122 - '93), en ten slotte die eienaam Sarel i.p.v. Charles (o.a. 74 - '84).

4. Apokopee van t.

Waar Ndl. woorde dikwels op -t uitgaan, vind ons dit in Afr. veel minder.

a. Na /

(1) De Villiers, p. 23.

(2) Scholtz: Bon., p. 81.

a. Na stemlose konsonante:

Die Ndl. slot- t na stemlose konsonante val in Afr. reëlmatig weg, bv. nag (Ndl. nacht), eers (Ndl. eerst). Die verlies van die -t na stemlose konsonante kom reeds sporadies in Mnl. voor, en is nog in Holl. dialekte waar te neem. ⁽¹⁾

Slot -t val baie dikwels weg in ons briewe. (Vir die apokopee by persoonsvorms van die ww. vgl. p.79). Eienaardig is dit dat die t naas die korrekte gebruik veral ná g en g wegval en slegs 'n enkele keer na k, terwyl dit geneig is om in die persoonsvorme juis na k te verdwyn. Ek gee slegs 'n paar voorbeelde:

lanros (1 - '50), gars (121 - '93), diens (133a - '95), vas (135 - '95), Gerbreg (4 - '65), vrak (45 - '81), uyt vlog (68 - '83), uytdrif (55 - '82), derek (135 - '95).

Hiperkorrek kom daar taanlik dikwels vorms met -t voor soos banklooft (42 - '80), oft vir „os" (97 - '87), wegt, oft (101 - '88).

Dit is duidelik uit die baie vorms sonder -t en die hiperkorrekte gebruik van slot -t dat die t reeds besonder dikwels in die spreektaal van die veldwagters na stemlose konsonante weggelaat is.

b. Na liquidae en nasales:

Apokopee van slot -t na liquidae en nasales vind in Afr. nie so dikwels plaas as na stemlose konsonant nie; dit kom trouens net aan die end van 'n swak bekleemde lettergreep voor.

In die briewe vind ons gewoonlik die t, maar twee keer val dit weg na g, nl. in honder (10 - '70) en jan moster kloof (89 - '86). Ons hoor vandag dikwels Moster i.p.v. Mostert, maar nooit honder nie. Terloops kan hier net gemeld word dat Afr. baster nie in die briewe voorkom nie,

maar /

(1) Scholtz: Meur., p. 29.

maar slegs bastaard (alhoewel die [t] in bastaars soms wegval).

5. Sinkopee van t.

a. Tussen vokaal en s.

Na 'n lang vokaal en voor s val die t in Afr. weg, bv. plaas (Ndl. plaats), laas (Ndl. laatst).

Die t val so dikwels weg in die woord plaats dat ons kan aanneem dat die algemene uitspraak van die tyd plaas was (13 - '70):

„dat Dempers nooſt zyn Broot op de plaas
het kannen wennen en dat hey van armoet
weggetrokken is van de plaas”.

Naas twee keer plaas skryf Jan du Toit (71 - '84) twee keer plaast. Hy het blykbaar geweet dat daar êrens 'n t behoort te wees, en dit na analogie van die woorde met slot- t na s ingevoeg. (Ook sy werkwoordelike vorme verskyn byna deurgaans sonder t).

As bnv. kom die vorm laaste enkele kere voor, bv. „tot het laaste” (119 - '93) en „het laaste commando” (130 - '95). In bywoordelike funksie het ek nêrens laas aangetref nie, maar ons moet onthou dat die woordeskat klein is. Meurant skryf reeds laas en ook dis vir „dit is”.⁽¹⁾

b. Tussen diftong en s.

Gewoonlik word die t na 'n kort vokaal of diftong en voor s in Afr. behou, behalwe in enkele gevalle soos mus en kwes.

In die briewe vind ons tog 'n paar voorbeelde waar dit teenstrydig met die huidige Afr. weggelaat word bv. duÿse = Duitse (o.a. 1106 - '90) en in swakbekslede posisie in hottentos (78 - '87). Hoewel ons vandag as simplex altyd die vorm Duits gebruik, leef die vorm met uitgestote t nog in die samekoppeling duiskoning. (Vgl. ook Duusman).

c. In /

(1) Scholtz: Meur., p. 29.

c. In konsonantverbindings.

In konsonantverbindings vind ons in Afr. selde dat sinkopee van t na liquidae of nasales erken word, behalwe in bv. koors i.p.v. koorts, wat egter reeds deur Bredero gebruik is.⁽¹⁾

Ons tref die Afr. vorm twee keer in die briewe aan (bv. 100 - '87):

„dat hy die arm gans niet ken gebruyke
en leg nu aan een sware koors te bet”.

(Vgl. ook pastaars onder assimilatieverskynsels).

Tussen u en g val t soms weg in Afr., bv. aanstons.
Dié vorm kom ook twee keer voor in die briewe, bv. (47 - '81):

„ik dink dat myn soon u de gelt wel bringe
sal dat u hem aan stons voor hem versoeke ken”.

Ook Kylans vontyn (42 - '80), Olifans Rafier, (59 - '83)
en onsag (115 - '91) kom in die briewe voor wat vandag nie
erken word nie maar wat aandui dat die veldwagters hulle
spreektaalvorme neergeskryf het.

Coetzee meld die vorms hollanse en aanstons uit
die 17de- en 18de- eeu.⁽²⁾

Vorms sonder -t was waarskynlik algemeen in die
spreektaal van die veldwagters.

6. Invoeging van t.

Die t word nie alleen weggelaat nie, maar ook in-
gevoeg as gevolg van onversorgde taalgebruik. In Afr. vind
ons bv. geleentheid, yster naas Ndl. gelegenheid, ÿzer.
Veral ná n en voor -heid of -lyk was die invoeging van t
reeds 'n ou verskynsel in Ndl.; dit kom o.a. by Vondel voor.⁽³⁾

Wat die vorm namentlyk betref, wat baie dikwels
in die briewe voorkom, (o.a. 79 - '85), sê die W.N.T. dat

dit /

(1) Nauta, p. 37.
(2) Pienaar, p. 118.
(3) Van Helten, p. 21.

dit vroeër naas die vorm sonder t bestaan het. Blykbaar was die vorm met t gewoon in die 17de eeu, want Wikar skryf o, a, namentlyk en eygentlyk⁽¹⁾ en later ook nog in 1829 gebruik Joubert 'n vorm soos voornamentlyk.⁽²⁾ Dit is eienaardig dat Afr. in party gevalle die ou vorm met t behou, het, bv. gesamentlik en sintlik, en in ander weer nie, bv. wesenlik en naamlik. Dit lyk nie of daar 'n aanneemlike fonetiese verklaring hiervoor te vind is nie.

Verder word alleen yszer in die briewe gebruik en nooit yster nie, al is die vorm ysder in Ndl. dialekte bekend. Trichardt gebruik ook nog konsekwent yszer.⁽³⁾ Misken het die vorm met t reeds in die spreektaal teen die einde van die 18de eeu bestaan, maar ons gegewens is heeltemal ontoereikend om tot enige gevolgtrekking te kom.

7. Intervokaliëse d.

In Afr. is die sinkopee en die vokalisering van intervokaliëse d uit Ndl. oorgeërf. Die gebruik van sekondêre vorme gaan in Afr. slegs in sommige gevalle verder, bv. Afr. rooi is al vorm wat ons ken en word attributief en deur analogie ook predikatief gebruik terwyl [rojə] in Ndl. slegs in die spreektaal attrib. gebruik kan word. Rood bly die enigste vorm vir die predikatief.

Wat die sinkopee van die d betref, kry ons gewoonlik in die briewe vorms soos ryde, gerede, snvde, houde, wyde, maar ons kan hulle as skryftaalvorms beskou en aanneem dat vorms met die oorgangsklanke j of w in die algemene spreektaal gewoon was, bv.:

gereie (4 - '65), houwe (46 - '81), te leijden^{leijden}
(109 - '89), uitgesnie (111 - c'90).

As snw. vind ons die vorm huŷshouwe (103 - '88) en as attrib. bhw. naas oude en koude vorms met sinkopee van die d soos

"40 /

(1) Hofmeyr, p. 12.
(2) Smuts, p. 25.
(3) id.

"de ouwe barent lubbe" (57 - '82), "het kouwe weer" (133 - '95), "ouwe hendrik smit" (136 - '97).

Eienswaardig is in Afr. die behoud van die onbe-
toonde g in die snw. koue, terwyl Ndl. juis die korter vorm
kouw het. Ons vind slegs kouw (133a - '95) in ons briewe.

Waar sinkopee gepaard gaan met algehele verlies
van sillabe, vind ons naas vorms met, ook dié sonder g, bv.
daer mee (2 - '52), en waar g voor -el, -er, -em, -en staan,
vind ons ook naas "korrekte" vorms dié van die gewone
spreektaal, bv. Broer (8 - '69) en saal (45 - '81).

Wat die vokalisering van intervokaliëse g betref,
vind ons vorms soos

"een goeve blyk" (70 - '84), "rofe wal" (109 -
'89) (maar: "syn rode baatie", 126 - '94) en
"gelave geweer" (136 - '97).

Hier is dus nie veel op te merk nie. Die vorms
wat voorkom was reeds in Holl. bekend en is alleen van
belang omdat dit ons help om vas te stel in hoeverre die
veldwagters hulle spreektaalvorms neergeskryf het.

8. Ndl. intervokaliëse v verander in Afr. w of word gesinkopeer.

In Afr. ken ons nie die y tussen bekleemde en on-
bekteerde vokaal nie. Dit gaan óf oor in w óf dit word
heeltemal uitgestoot, bv. sewe (Ndl. zeven), bo (Ndl. boven).

Die oorgang was reeds vroeg in Afr. aanwesig.
Franken gee verskeie voorbeelde wat hy uit ou dokumente tot
1750 aangeteken het. Een van die oudste voorbeelde van die
oorgang van y in w wat hy gekry het, was by landdros Johannes
Muller in 1685,⁽¹⁾ en uit 'n Testament van 1749 haal hy o.a.
boowe, gebleewe, overlede, gegeve en slaawe aan.⁽²⁾

In die briewe kom w 'n paar keer voor in gouverneur
of goeverneur (o.a. 27 - '77), gegeve of te gewe (o.a. 119a -
'93), gebleewe (o.a. 98 - '87) en lywe, bv.:

"Maria /

(1) Franken: Hgn., 8 Nov.'29, p. 67.

(2) id.

"Maria pritorius vroeg myn wie dat de netste lywe hat" (111 - '90).

Ook ná l. bv. „een halwe plaas" (29 - '77) en „kalwers" (128 - '95).

Verder vind ons byna deurgaans die y, bv. o.a. seeven, verblyve (1 - '50) maar ook suylers (o.a. 60 - '83), bofen (63a - '83), verbleife (o.a. 105 - '89).

Die vorms met f is waarskynlik hiperkorrek. Ek neem aan dat daar aan die begin van woorde geen verskil meer tussen f en y gevoel is nie. Die [v̥]-artikulasie het begin verdwyn. Verder wil ek aanneem (uit die gegewens van Franken en uit die briewe) dat die artikulasie van [v̥] ook intervokalis begin verdwyn het ten gunste van [v]. In die spreektaal was die gebruikelike konsonant waarskynlik y, maar die gevoel dat dit in stryd met die beskaafde Ndl. is, was seker nog lewend. Kom dit by skryf en hulle kan nie die spelling onthou nie, sou hulle maklik f geskryf het in teenstelling met hulle [v]-uitspraak.

Selfs teen die middel van die 19de eeu vind ons min Afr. vorms in die geskrifte van Boniface,⁽¹⁾ Meurant⁽²⁾ en Bezuidenhout,⁽³⁾ maar ons kan dit aan skryftaalinvloed toeken - teen daardie tyd moes die oorgang tot y reeds baie meer verbreed gewees het in die spreektaal.

Die algehele verlies van die intervok. y moes nog baie later as die oorgang tot y plaasgevind het, as ons op die gegewens in ou geskrifte mag afgaan. In die briewe is daar geen voorbeelde nie. Eers by Meur. is daar twee gevalle waar die y weggelaat is, nl. by die infinitiewe bly,⁽⁴⁾ een maal, en gege, een maal.

9. Ndl. Intervokalisie b word x.

Ndl. intervokalisie b gaan by sommige Afrikaanssprekendes /

- (1) Scholtz: Bon. p. 81.
 (2) Scholtz: Meur., p. 29.
 (3) Scholtz: Afr.Brief, p. 61.
 (4) " Meur., p. 29.

sprekendes oor in w, bv. duw^{naas}wel en dubbel. Die neiging van h om intervokalisies oor te gaan in 'n frikatief, bestaan reeds in Ndl., maar waarskynlik moet die w hier weer toegeskryf word aan die slap artikulasie van Afr.

In die briewe vind ons nie die verskynsel by woorde wat vandag soms wel die oorgang het nie (miskien omrede die beperkte woordeskat van die briewe), maar wel by eiename, bv. Koowis pretooris (o.a. 12 - '70), Abraham overholster (o.a. 44 - '81) Lievenberg (o.a. 56 - '82) en selfs Liefenbergh (59 - '83), octower (92 - '85). Sover ek weet, kom die w-uitspraak by dié woorde nie meer (of altans nie verbreed) in Afr. voor nie, maar dit toon darem dat die oorgang by 'n sekere groep sprekers wel posgevat het teen die einde van die 18de eeu, te meer as ons merk dat daarteen gewaak word sodat een veldwagmeester dan hiperkorrek „een paar stebels” skryf (126 - '94).

By Trichardt kom alleen troewel een maal voor,⁽¹⁾
en by Meurant Koweg.⁽²⁾

Van besondere belang is die vorm heven vir hebben (twee keer in 105 - '89) omdat dit 'n tussenstadium verteenwoordig in die ontwikkeling van hebben tot hê. Later skryf Meurant twee keer he vir hê uit heven. Die oorgang van hebben tot heven kom ook sporadies in Hollandse dialekte voor.

Soos vandag nog, was die oorgang seker nie algemeen by die veldwagters nie, maar dat dit bestaan het, is seker.

10. Intervokalisie g.

Die sinkopee van intervokalisie g is in teenstelling met die wegval van intervokalisie g 'n tipies Afr. verskynsel, al vind ons in Ndl. ook sporadies gevalle van

sinkopee /

(1) Smuts, p. 20.

(2) Scholtz: Meur., p. 29.

sinkopee (bv. Bredero: oomblik vir ogenblik).

Afr. [χ] gaan terug op Hdl. [χ] of [g]. Alleen waar dit op [g] teruggaan, word dit gesinkopeer.

Tussen ontelbare voorbeelde met g in enkelvoudige of saamgestelde, onverboë of verboë vorms, ná lang of kort vokale in snwe., bnwe., bywoorde en nwe., bv. LEGENS, WAGEN, VOGEL, EIGEN, HOGS, KRYGE, ens., ens., kry ons een voorbeeld van sinkopee van g, nl.,

„dut heb ik met myn eigen hand(igh) onder-
tŷkent" (15 - '71).

Ongelukkig kom geen ander woord met intervokaliëse g in die briefie voor nie. Behalwe die hierbo aangehaalde eigen is daar in al die briewe net nog een twyfelagtige geval wat as aanduiding kan dien dat die g in hierdie tydperk reeds af en toe gesinkopeer is:

„En voor die botter naa brede ravier heb
ick hem Een leijier voor gegeve" (12 - '70).

In 'n voetnoot vra Van Oordt: „Word hier lŷer bedoel, en is dit 'n poging om dit so te skryf?"

Hierdie twee gevalle (waarvan een onseker is) is moeilik te beoordeel. Nêrens word voor dié datum 'n ander geval van sinkopee in enige geskrif gemeld nie. Franken sê uitdruklik dat hy in die periode 1775 tot 1825 geen voorbeeld daarvan aangetref het nie.⁽¹⁾ Eers by Boniface vind ons weer 'n paar voorbeelde van uitstoting, nl. in gekrŷe en gekry (vyf keer),⁽²⁾ en dan ook by Trichardt drie keer gekry.⁽³⁾ By Meurant tref ons die infe. klŷ, kry en die volt. deelwe. gevra en gekry nogal dikwels aan, asook weyer (een keer) en teenswoordig (een keer).⁽⁴⁾

Al /

-
- (1) Franken. V.R.V.15, p.xxxi.
(2) Scholtz: Bon., p.81.
(3) Smuts, p.43.
(4) Scholtz: Meurant, p.29.

Al kom die sinkopee meer dikwels voor in die Afr. geskrifte van ná 1830 as in ons briewe, bly voorbeelde daarvan tog skaars en in hoofsaak beperk tot sekere vorms. Dis bekend dat tot in die 20ste eeu skryfvoorme met g taai bly voortleef het. Sou 'n uitspraak met g so lank as wisselvorm bly voortbestaan het by woorde waarin die g nou heeltemal verdwyn het? Of het ons hier te doen met 'n geval waar die skryftradisie hom baie hardnekkig laat geld het lank na 'n verandering in die spreektaal voltrek was? In die laaste geval kry 'n vorm soos eijen in 'n brief van 1771 vir ons besondere betekenis.

11. Assimilasieverskynsels.

Baie van die verskynsels wat ons reeds behandel het, veral die sinkopee en apkopee van t en die verandering in intervokaliëse d, y, h, en g, kan uit die neiging tot gelykmaking en vereenvoudiging verklaar word. Hier volg egter 'n aantal verskynsels wat meer spesifiek onder die opskrif „assimilasie” tuishoort.

Assimilasie was reeds in Mnl. algemeen, maar uit die aard van die saak is dit 'n verskynsel wat baie maklik spontaan kan opkom. Dit is dus moeilik om te oordeel of 'n vorm onafhanklik op Afr. bodem ontstaan het.

Algemeen is vorms soos

„onnagtig (47 - '81), onnogelyk (55 - '82),
onbekwaan (133a - '95), Stellenbos (95 - '87).

Die vorms word seker soos in Afr. ook in die Ndl. spreektaal onbewus gebruik, maar word nie in die spelling erken nie. Ander voorbeelde het ons in

kryvraat (o.a. 99 - '87), selg, (133a - '95),
eskues (63 - '83) en sukke (48 - '81).

Die laaste vorm is al in die 17de-eeuse Holl. klugte goed bekend.

Van belang vir ons is veral die vorms wat burgerreg in Afr. gekry het, bv.:

„vermooren (127b - '94) bastaars (136 - '97).

Opvallend is die konsekwente gebruik van die skryfvorm als (o.a. 1 - '80, 132 - '95), veral aangesien die geassimileerde vorm as reeds in die 17de-eeuse Holl. gebruiklik was.⁽¹⁾ Daarenteen kom die samegetrokke vorm soos (uit so as) twee keer voor, maar telkens in die tautologiese verbinding soos als (bv. 43 - '81).

Trichardt en sy tydgenote skryf ook deurgaans als,⁽²⁾ maar by Meurant kom as voor, al gebruik hy dit minder as als.⁽³⁾ Moet ons aanneem dat die vorm as reeds alleenheersend in die spreektaal was en dat als as 'n skryftaalvorm beskou moet word? Dit is gewaagd om sonder 'n enkele voorbeeld van as gevolgtrekkings in verband met die gebruik daarvan te maak. Moontlik het as en als as wisselvorme in die 18de en 19de eeu voorgekom, en het as eers betreklik laat definitief die oorwinning behaal.

Aan Ndl. morgen en die ww. bergen beantwoord Afr. mōre en bāre. Van die assimilasie van g aan r vind ons geen voorbeeld in die briewe nie, bv. morgen (21b - '76). Ook by Meurant vind ons nog nie die Afr. vorm nie.⁽⁴⁾ Miskien was die spelling van sulke vorms 'n struikelblok. Tog skryf Boniface een keer mōrre.⁽⁵⁾

12. Dissimilasie: velarisering van nasaal in die uitgang -en.

Teenoor assimilasie vind ons 'n verskynsel dissimilasie wat 'n neiging tot ongelykheid openbaar. 'n Goeie voorbeeld /

-
- (1) Nauta, p. 35.
 (2) Smuts, p. 45.
 (3) Scholtz: Meur., p. 29.
 (4) Scholtz: Meur., p. 29.
 (5) Scholtz: Bon., p. 82.

voorbeeld hiervan en waarin Afr. opvallend van Ndl. verskil, is die velarisering van die slotnasaal in die uitgang -en van woorde waar alveolare l.r.s die uitgang voorafgaan, bv. doring, kussing, (Ndl. doren, kussen).

In die briewe kry ons net een voorbeeld met velarisering naas talryke woorde daarsonder, bv.:

„in hy nade heks rivier moest ryden om koreng te haalen" (99 - '87),

maar in dieselfde brief skryf Maritz dat iemand „de plaats op hooren genom (heeft)".

Die een voorbeeld van velarisering is van belang, omdat die bewyse wat aangevoer is vir velarisering in dié tyd, nie onomstootlik is nie. Johanna Duminy skryf o.a. rekenin, hesunin, maar dit is nie genoegsame bewys dat as sy koorin en hoorins⁽¹⁾ skryf, sy ook hier die velêre nasaal bedoel het, of dit in haar spreektaal gebruik het nie. By Wikar,⁽²⁾ Trichardt⁽³⁾ en Boniface⁽⁴⁾ kom velariseing ook nie in soortgelyke woorde voor nie.

Die vorm Stellingbos kom een keer voor (78 - '85), wat ook miskien van belang kan wees.

Waar snwe. van wwe. afgelei is, kom die vorm op -ing dikwels in Ndl. en Afr. voor. In die briewe kry ons egter voorbeelde van -en-uitgange naas die korrekte -ing-vorme (o.a. 104 - '89):

„ik heef een dag varen gekregen", naas dag varing. Ook vind ons een keer verklaaring i.p.v. verklarings (133a - '95). Hierin moet slegs 'n verwarring van -en- en -ing-vorme gesien word, en nie hiperkorrekte vorme teen velarisering nie.

Die toestand met betrekking tot die gebruik van die gevelariseerde -ing in die periode † 1750 tot 1800 kan
nie /

(1) De Villiers, p. 27.

(2) Franken: V.R.V.15,

(3) Smuts, p. 49.

(4) Scholtz: Bon., p. 81.

nie duidelik afgelei word uit ons beperkte gegewens nie. Tog kan ons aanneem (veral met die oog op gegewens in ander geskrifte van later) dat die velarisering nie baie verbreed kon gewees het in die tyd nie. Soos gewoonlik moet ons egter onthou dat die skryftaal konserwatief is en 'n onjuiste beeld van die spreektaal kan gee. Ek vermoed dan ook dat die velarisering van die uitgang -en reeds teen die einde van die 18de eeu moes begin het.

13. Metatesis.

Omsetting van r in swakbeklede lettergrepe vloei maklik voort uit die vokaliëse element in die triller. In die Holl. volkstaal was metatesis reeds gewoon.⁽¹⁾

Vandag hoor ons nog dikwels vorme wat in die briewe ook voorkom, nl. feberwarf (o.a. 105 - '89), Corstoffel Otto (46 - '81), persent i.p.v. present, bv.:

"toen heeft ik gecommandeert aldaar persent te sullen weesen".

Ook bertalig vir brutalig (136 - '97).

14. Diverse verskynsels.

Hier volg 'n paar verskynsels wat nie maklik onder hoofde gebring kan word nie, maar wat interessantheids- en volledigheidshalwe hier gemeld kan word.

Vandag hoor ons in Afr. partykeer die vorme Januwarey (48 - '82), Februware (104 - '89), en ook Lowies uit Louis (53 - '82). Die ontwikkeling van [v] as oorgangsklank tussen 'n vokaal met liprondding en 'n volgende vokaal is ook bekend in Ndl.⁽²⁾

Tusken i.p.v. tussen (77 - '84) is 'n ou relikvorm wat tot vandag toe ook in sekere Holl. dialekte bly voortleef het. Na die 17de eeu is dit uit die Ndl. skryftaal geweer; dat dit nog, sy dit net 'n enkele keer, in ons briewe voorkom, /

(1) Scholtz: Neur., p. 29.

(2) Pienaar, p. 117.

kom, is 'n bewys dat dit nog in die kolonistetaal geleef het. Tusken word trouens nog onder kleurlinge gehoor.⁽¹⁾

Interessant is die vorms dingsdag (218 - '76) of Dengsdag (98 - '87), wat ook wys dat die skrywers nie altyd so vas onder die skryftaalinvloed gestaan het nie, en hier hulle spreektaal weergee.

Veral in die skriftelike weergawe van persoonsname word ons meermale verras deur onortodokse skryfvoorme wat interessante uitspraakeienaardighede verraa, bv. hoorag (1 - '50), browel (o.a. 2 - '52), van der Merwel (o.a. 19 - '73), Krugel (23 - 76), Kleynhals (97 - '87), botman (44 - '81) en ook iosen vorie (126 - c.94) en van sofs De Pleses (132 - '95). Ons volstaan hier net met die vermelding van die vorme, sommige waarvan ook vandag nog kan gehoor word.

(1) Rademeyer, p. 43.

H O O F S T U K II.VORMLEER.

Dit is in die vormleer waar die belangrikste verskille tussen Afr. en Nederlands voorkom. Afrikaans vertoon op sommige terreine 'n ingrypende vereenvoudiging van 'n ingewikkelde Ndl. vormstelsel; op ander gebiede kry ons radikale afwykings van die Ndl. vorme sonder dat daar juis van vereenvoudiging sprake kan wees. Sommige van die verskille tussen Afr. en die huidige Ndl. kan tot op sekere hoogte uit die 17de-eeuse Hollands verklaar word; ander het in hul geheel op Afrikaanse bodem ontstaan.

Die werkwoord en sy vervoeging bied die grootste aantal tipiese kenmerke van Afrikaans, maar ook by die naamwoorde is daar belangrike en interessante afwykings van Nederlands aan te toon. In ooreenstemming met die gebruikelike indeling sal ek met laasgenoemde groep begin.

A. DIE NAAMWOORD.(a) SELFSTANDIGE NAAMWOORDE:

Van geslags- en naamsvalverskille by snw. het daar nagenoeg geen spore in Afr. oorgebly nie. By die veldwagters is daar verwarring wat grammatikale geslag betref; maar aangesien die verskillende genus slegs deur omringende woorde - en daaronder veral die bepaalde lidwoord - na vore kom, word die verskynsel onder die lidwoorde bespreek. Wat naamvalsverskille betref, is dit uit die briewe duidelik dat die veldwagters min gevoel gehad het vir die verbuigingsuitgange wat tog eintlik al sedert lank genoeg ook in Nederlands meer in die literatuur as in die gesproke taal tuis hoort.

Al fleksievorme van die snw. wat nog lewend in Afr. is, is dié wat noodsaaklik is vir die vorming van meervoude.

1. Meervoudsvorming.

In Ndl. is die gebruiklikste uitgange -en en -g; by 'n sekere groep woorde kan albei vorms voorkom. In Afr. is die -g die gebruiklikste waar daar in Ndl. wisselvorme bestaan; maar ook in baie gevalle waar in Ndl. -(e)n alleenheersend is, is die Ndl. uitgang in Afr. deur -g verdring. In verband met die -en-uitgang moet nog gesê word dat Afr. net 'n vorm sonder -n ken. Die g-vorm was egter in die Hollandse volkstaal algemeen en word trouens vandag as 'n beskaafde uitgang in die Ndl. spreektaal erken.

In die briewe vind ons reeds 'n voorkeur vir die -g by woorde waar dié uitgang naas -en in die ouer Ndl. voorgekom het en veral in die Holl. volkstaal algemeen was, byv. roers (2 - '52), geweers, schelms (46 - '81), en mans (119b - '93). Hottentots (wat konsekwent voorkom) is reeds deur Van Riebeeck met 'n -g geskryf.

Al vorms in die briewe wat nuut in Afrikaans is, is verklarings (14 - '71) en gebertes (49 - '82), waar Ndl. slegs die uitgange -en en -n respektieflik ken. Die dubbele meervoud (e)ns wat in die 15de eeu tevoorskyn begin tree het veral ná onbetoonde , was reeds in die 17de eeu taamlik verbreid. So vind ons ook commandens (70 - '84) en bergens (98 - '87).

In Afr. ken ons nie die Ndl. meervoudsuitgang -eren nie, maar wel -ers wat ook in Ndl. in gemeensame taal tot vandag voorkom. In die briewe vind ons kinderen (70 - '84) maar ook dikwels kinders (1 - '50) en ook een keer kalvers (2 - '52). Die vorm speeenders (herhaaldelik in 98a - '87) met invoeging van d voor die uitgang, kan moontlik verklaar word na analogie van hoenders, hoewel die twee woorde in baie ver verwyderde betekenisgroepe val.

Aangesien Afr. eintlik maar min van die Hollandse volkstaal afwyk wat die meervoudsvorming betref, is dit natuurlik dat die toestand in die briewe na aan die Afr. gebruik staan.

2. Diminutiefvorming:

Waar die Ndl. vorm vir die diminutief -ie of -tjie is en alleen in gemeensame taak ná f, g, k, p en s 'n -ie toelaat, ken Afr. glad nie die ie-vorm nie en word -ie deurgaans gebruik na alle konsonante. Slegs in enkele dialekte is die -tjie in Hollands bekend.

Die hele -ie-probleem is nog baie duister aangesien die ouderdom van die -ie én in Holl. én in Afr. onseker is. Prof. Scholtz wys op die feit dat die uitgang -tjie slegs by hoë uitsondering in Afr. tekste voor 1860 voorkom. Alleen in die "Aanwysingh wegens de Landtocht" van Oloff Bergh om 1682 tref ons vorms soos "de witte Duyntjies", "een Kleyn Riviertjie" aan. (1)

Normaal in die briewe Boesiesmans (2 - '52), coeckies craal (21b - '76), berggie (57 - '82), kassie (107 - '89), stukkies en troppe (133a - '95). Waar -ie-vorms voorkom ná bogenoemde stemlose konsonante, bv. Huysie (7 - '69), kan ons dit aan skryftaalinvloed toeskryf, want -ie was die gewone vorm.

Ná ander konsonante vind ons gewoonlik die korrekte -ie-uitgang, bv. Meynties (23 - '76), watertjie (42 - '80), baantjie (78 - '85) en Jantje (135 - '95), maar wat eienaardig is, is die -ie in natties vley (21B - '76), Nyntis (15 - '71) vir Meinties, nannetie (84 - '86), bietie (108 - '89) en beenties (133a - '95). Ook by Wikar kry ons 'n soortgelyke vorm, nl. zagties. (2)

Dit is moeilik om die waarde van hierdie vorms te bepaal. Graag sou ons hulle as onbeholpe skryfvorms vir -tjie wil beskou, maar miskien het ons hier bloot te doen met gevalle waar i i.p.v. j geskryf is, soos dit vroeër dikwels die gebruik was. Tog kom die wisseling van i en j

as /

(1) Scholtz: Bon. P.100, opn. 17.

(2) Hofmeyr, P. 43.

as skryfvorms elders min voor in die briewe, wat dus die kans van die ie-vorms versterk. Dit is egter onmoontlik om enige vaste gevolgtrekking te maak, en ons staan weer hulpeloos voor die probleem om deur skryfvorms tot die vasstelling van die gesproke taal te kom.

(b) DIE LIDWOORD:

Die grammatikale geslag van snwe. word o.a. deur die lidwoord aangetoon. Gewoonlik word daar dan ook van de- en het- woorde (gemeenslagtige enonsydige woorde) gepraat, bv. de tuin, het huis, het kind. Die lidwoord by meervoude van snwe. is altyd de.

In die middeleeue was die die gebruiklikste vorm voor 'n gemeenslagtige snw. Die verskil tussen aanwysende vnw. en lidwoord is nog nie so duidelik gevoel nie, maar naas die as lidwoord het die swakbekslede de tog begin ontwikkel. In die 17de eeu is die nog i.p.v. de in die Holl. volkstaal gebruik.⁽¹⁾

Dit verbaas ons dus nie dat Afr. ook die i.p.v. de gebruik nie, veral ook aangesien Afr. in meer as een opsig 'n voorliefde vir bekslede vorms toon. Die vir de kom ook in Van Riebeeck se tyd in Kaapse geskrifte voor. In die briewe van die veldwagters kom die baie voor, maar dit is nie altyd maklik om te oordeel of 'n vorm as lidwoord of as aanwysende vnw. bedoel in nie. Tog kan ons in sommige gevalle met taamlike sekerheid vasstel dat die lidwoord bedoel word as 'n skrywer die gebruik, bv. in die brief van Van den Bergh (23 - '76) kom die deurgaans voor en nooit de nie:

"....en als dat soo gaat dan sal wey genoot saak weese om weer weg te trekke van die sneeuw berg af want Jacob Naude trek weer weg na die roggevelt van weegens dat die boesemans so plaagt".

Ook is dit duidelik in die volgende twee gevalle:

"dit /

(1) Bosman, p. 110.

„dit is van dag die 6de Dag dat ...”(102 - '88),
 en
 „dat ik gedagvaard ben om den 17 van die
 maand Juny in die vergadering moeste weesen” (131 -
 '95).

Wat egter van baie groter belang is, is dat Afr.
 geen grammatikale geslag ken nie. De- en het- woorde het
 saamgeval tot een geslag met die lidwoord die; 'n faktor
 wat ongetwyfeld hiertoe moes bygedra het, is dat daar in
 die 17de eeu reeds verwarring van geslag by verskeie woorde
 merkbaar was, bv. het of de antwoord, besat, venster.

Franken sê by sy bestudering van die taal van
 Wikar (1779): "Wat vir goed in dié tyd by die meeste
 Afrikaners onseker geword het, was die het-gevoel, selfs by
 verkleinwoorde".⁽¹⁾ In geskrifte van die eerste helfte van
 die 19de eeu vind ons dan ook dat het byna nooit meer voor-
 kom nie.

Dit verwonder ons dus ook nie dat die veldwagters
 hul gevoel vir geslagsdifferensiasie vinnig begin verloor
 het.^{nie} Korrekte vorms kom nog voor, maar is van min betekenis
 teenoor die tientalle kere waar de i.p.v. het selfs by die
 mees alledaagse woorde gebruik word, bv. de schip (1 - '52),
de bockenvelt, de roggevelt (13 - '70), de water (20 - '76),
de lant (27 - '77), de fee (30 - '78), de volk (101 - '88)
 en de huys (106 - '89).

Omdat die en de in dié tyd reeds begin saamval het,
 kry ons ook die i.p.v. het, bv. die vee, die roggevelt (23 -
 '76), di water (109 - '89), die been (133a - '95), die water-
ie (42 - '88). Dit is interessant dat afgesien van wat ons
 in die briewe gekry het, en behalwe 'n paar gevalle in
 staaltjies in Hott.-Holl., die i.p.v. het vir die eerste
 keer by Wikar gevind is (een keer).

Die gegewens wat uit die briewe gehaal is, maak
 dit baie duidelik dat reeds in die tweede helfte van die 18de

eeu /

(1) Franken, V.R.V. 15, p. 244.

een daar baie min gevoel vir geslag in die spreektaal bestaan het. Hierdie verdwyning van geslagsonderskeiding het groot invloed uitgeoefen op die verbuiging van die byvoeglike naamwoorde, die gebruik van die aanwysende en die betreklike voornaamwoorde.

(c) VERBUIGING VAN DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD:

Attributiewe bnwe. word in die Ndl. spreektaal en in Afr. verbuig deur toevoeging -g. Die gebruik of weglating van die uitgang hang in Ndl. saam met geslagsonderskeiding maar in Afr. berus dit op 'n fonetiese en ritmiese grondslag.

In Ndl. word die bnw. altyd verbuig voor meervoudige snwe. bv. (de) hoge bomen, en in die reël voor enkelvoudige de-woorde, bv. de, myn, een schone bloem, gezonde kost, en voor onsydige enkelvoudige snwe. wat vooraf gegaan word deur het, dat of 'n bes. vnw., bv. het, dat, myn grote huis. Ook gesubstantiveerde bnwe. wat in apposisie staan, word verbuig, bv. Karel de Grote.

Die onverbuigde snwe. word oor die algemeen voor het-woorde aangetref as daar geen bepalende woord voorafgaan nie, bv. vers vlees, as 'n onbepaalde lidwoord of 'n onbepaalde vnw. voorafgaan, bv. een, elk, menig groot huis, en as zoo 'n of als voorafgaan, bv. zoo 'n parmantig kind, als klein kind.

Dit is duidelik dat as daar 'n groot mate van onsekerheid in verband met geslagsonderskeiding bestaan het, dit onvermydelik verwarring in die verbuiging van die bnw. sou veroorsaak. Dit is dan ook wat gebeur het, maar dit het geensins tot 'n eenvormige toestand in Afr. gelei nie. Tot onlangs was die gebruik van die verboë of die onverboë vorm nog baie wisselvallig, en vandag nog kan daar nie dogmaties opgetree word nie. Eenlettergrepige woorde wat uitgaan op -d, -f en -g word verbuig, bv. harde, dowe, droë, andersins bly hulle onverbuig, bv. 'n soet appel, 'n don man.

Meerlettergrepige woorde en vreemde woorde met die aksent op die laaste lettergreep word verbuig.

Gemaklikheidshalwe en om 'n oorsig van die toestand in die veldwagters se briewe te kry, sal ek probeer bepaal in hoeverre die vorms in die briewe met Ndl. ooreenstem of daarvan afwyk en in hoe 'n mate die verbuigings reeds Afr. is. Dit is verwarrend om die probleem óf volgens die Nederlandse óf volgens die Afr. indeling te benader.

Aan die gevalle waar Ndl. en Afr. met mekaar ooreenstem, hoef ons nie verder aandag te gee nie.

Waar Ndl. verbuig en Afr. nie, vind ons dat die briewe nog meestal die verboë vorms gee, veral by meervoude, bv. klyne kalvers (2 - '52), kronne voete (111 - c.'90), maar daar is reeds talle van gevalle waar die onverboë Afr. vorm i.p.v. die Ndl. verboë vorm gebruik word, bv. tusken swaar gebergtens (77 - '84), de ander hottentots (136 - '97), de een plaas (62 - '83), den jong man (133b - '95), de groot volk (136 - '97), een klein letter (5 - '66), een ander baak (16 - '71), groot agting (45 - '81), ouw hendrik (136 - '97), en selfstandig gebruik de ander (119b - '93).

Waar Ndl. nie verbuig nie en Afr. wel, kom daar enkele onverboë gevalle voor, bv. slagbaar Vee (45 - '81), met behoorlyk ondersoek (46 - '81), myn vriendelik versoek (65 - '83), maar die Afr. verbuigings word meermale aangetrof, bv. slegte velt (57 - '82), een goeve blyk (70 - '84), onse ootroedige en nederige versoek (1d), geen gebruy(k)baarm velt (125 - '94), een slegte been, kouwe weer (133a - '95).

Dat daar reeds 'n neiging bestaan het om eenlettergrepige woorde onverbuig te laat en meerlettergripiges te verbuig sonder in agneming van enige geslagsverskille, blyk baie duidelik uit die briewe. Die strewe om korrek te skryf, wat deurgaans by die veldwagters te bespeur is, het hier talryke on-Ndl. en on-Afr. vorms laat ontstaan, bv. te groote gebrek (46 - '81), by eenig voorvalle (78 - '85),

myne baantie, myn gering Diens presentasie (id.), een ryssend man (117 - '93), andere onheil, onse land (135 - '95).

As die natuurlike aanvoeling vir geslagsverskille verdwyn het, is dit byna onmoontlik om dit te herstel. Ons vind dus dat die veldwagters reeds op fonetiese grondslag die bnwe, begin verbuig het.

(d) VOORNAAMWOORDE:

1. Persoonlike vnwe.

Dit is opvallend in Afr. dat die Ndl. swakbekteerde vnwe. ie, is, es, me ens. glad nie voorkom nie, maar dat die voorkeur vir bekteerde vorms, wat kenmerkend is van volkstaalsprekers, in Afr. duidelik blyk uit die uitsluitlike gebruik van ix, hy, sy, ons, jou en haar. Kintlik is ek ook 'n versterkte vorm van ik.

In die briewe vind ons baie dikwels die bekteerde vorms, bv.:

"dat sal ik jou seggen" (8 - '69),
 "Ik weet jou wel te seggen" (58 - '83),
 "Nu heeft ik gehoord dat sy de huys van
 "Olievier wilt afkopen" (106 - '89).

Die onbekteerde vorms is egter nog ruim in gebruik, bv.:

"in myne offisie staat dat ik ge kan late dag-
 varen maar ge roep al d uyt (lees: altyd uyt)"
 (73 - '85),

alhoewel ons selde we kry en nêrens vorme soos ie, d'r, 'r, 'm nie.

Slegs in een Duits gekleurde briefie vind ons ek i.p.v. ik (129 - '95). Van Oordt sê dat dit duidelik is dat die skrywer Nederlands probeer "skrywe soos hy dit hoor". Tog is dit gewaag om na aanleiding van hierdie een geval af te lei dat ek reeds in die spreektaal sou voorgekom het, want die vorm is, afgesien van enkele sinne in Changuion se boek De Nederduitsche Taal in Z.A. Hersteld van 1844, in

geen Afr. bronne voor 1860 gevind nie.⁽¹⁾ Selfs by Albach in Trichardt se Dagboek kry ons ik, ikke. Het die vorm ik hom werklik in die spreektaal so hardnekkig gehandhaaf tot in die tweede helfte van die 19de eeu, of moet ons daarin die sterk behoudende krag van die skrifbeeld sien, 'n faktor wat nie so 'n groot invloed op 'n vreemdeling soos die Duitser sou uitgeoefen het nie?

Afr. dit i.p.v. Ndl. het of 't kan ook beskou word as 'n sterker vorm as 't. Die oorsprong van Afr. dit is onseker. Dit kon óf ontstaan het uit 'n verkeerd herstelde pers. vnw. 't, óf die vorm dit van die aanw. vnw. kon die plek van die onbetoonde 't ingeneem het. Hoe dit ook al ontstaan het, is dit moeilik om uit die briewe vas te stel of die pers. vnw. of die selfstandige aanw. vnw. bedoel word waar die vorm voorkom, maar daar is tog 'n enkele geval wat aantoon dat dit i.p.v. het vermoedelik reeds in gebruik begin kom het (al gebruik Johanna Duminy slegs het⁽²⁾), bv.:

"dit is vandag die 6de Dag dat ik dag of nagt geen rust heef" (102 - '88).

Twee keer kry ons die vorm dat i.p.v. het, bv.:

"dat was beter kromme voete te hebbe als te loope als en mallebaar, soo als jy! (111 - c. '90).
"terwyl sully dat aan nagt in (en) middelen niet ont breekt" (99 - '87).

Ook by Boniface kom dat taanlik dikwels voor.⁽³⁾

Vandag tref ons die vorm nog net by Griekwas en Rohoboth-basters aan.⁽⁴⁾

Die voorwerpsvorm van die 3de pers. manl. enkv. is in Afr. hom teenoor hem in Ndl. Hom het waarskynlik ontstaan uit die 17de-eeuse Hollandse vorm huy uit oorspr. him. Dit kan dus ook as versterkte vorm beskou word.

In /

(1) Scholtz: Bon. p. 98, o.p.m. 9.
(2) Hofmeyr, p.34.
(3) Scholtz: Bon. p. 83.
(4) Rademeyer, par. 100.

In die briewe kry ons konsekwent hem, net 'n enkele keer huy en nooit hoy nie, bv.:

"dat de volk wat (-) na huy moet komme" (101-'88).

Eienaardig is dit dat huy nie meermale in ou geskrifte voorkom nie. Johanna Duminy⁽¹⁾ skryf konsekwent hem en Trichardt⁽²⁾ ook, maar by Meurant⁽³⁾ kom hoy baie dikwels voor. Hem was waarskynlik die deftige vorm en teen die tyd toe mense bewus Afr. begin skryf het, het hoy reeds huy verdring. Dat huy of hij egter die spreektaalvorm moes gewees het van die vroegste tye af, is waarskynlik, al is dit vreemd dat selfs in die briewe van die veldwagters die vorm baie skaars is.

Die objeksvorm van die eerste pers. enkelv. kom byna konsekwent in die briewe as my i.p.v. ny voor, bv.:

"soo heef my kinders my aanstonds een hottentot gestuert" (1 - '50),
"met grote soebatte bey my gekomen is
en my belooft dat..." (132 - '95).

Die vorm dateer uit die 16de eeu en het waarskynlik na analogie van die besittlike vnv. tot stand gekom, bv. "my boek - 't boek van my". Tot die 20ste eeu is die vorm nog in Afr. gehoor, maar het nou uitgesterf.

Die vorm ons vir wy het al baie kommentaar uitgelok. Die verklaring is al in Franse, Maleis-Portugese en Seeuse invloede gesoek, maar dit is die waarskynlikste dat die voorwerpsvorm sonder invloed van buite die onderwerpsvorm verdring het. Die verdringing van die subjeksvorm deur die objeksvorm is 'n algemene dialektiese neiging, vgl. bv. dialektiese Hollands huy vir zij, Vlaams hem vir hi, dialektiese Engels us vir we, them vir they. Die besittlike vnv. het moontlik ook bygedra tot die gebruik van ons as onderwerpsvorm /

(1) De Villiers, p. 34.
(2) Smuts, p. 96.
(3) Scholtz: Meur., p. 29.

werpsvorm (vgl. dialektiese Holl. zyn vir hy).

Die proses van verdringing was geleidelik. Wy het tot in die 20ste eeu nog sporadies voorgekom. Die vorm ong as nominatief is reeds deur Kolbe in staaltjies van Hottentot-Nederlands en deur Franken in die Kaapse proses-stukke aangewys, bv. "ong soek kost hier, ong het vuur genoeg" (1706).⁽¹⁾ In die begin van die 18de eeu was dit dus al gewoon onder die slawe en Hottentotte, en Mentzel sê in sy Beschreibung II p.157 dat in sy tyd (ongeveer 1740) die vorm al onder die plattelandse burgers, veral die vrouens, voorkom. Ook later in die "Lied" (1795) kom ong konsekwent voor.⁽²⁾

Tog was wy waarskynlik in die tyd nog die beskaafde Kaapse spreektaalvorm - Johanna Duminy skryf altyd wy.⁽³⁾ Die vraag kom by ons op hoekom die eenvoudige veldwagters wat in die afgeleë distrikte gewoon het, nie 'n enkele keer ong in hul briewe skryf nie. Dit is tog nie moontlik dat die vorm nooit deur hulle gebruik is nie. Soos by hum moet ons hierdie geval ook aan die mag van die skryftaaltradisie toeskryf, maar sou dié tradisie hom so sterk gehandhaaf het by boere van wie waarskynlik slegs enkeles meer as 'n paar maande skool gegaan het? Al was ong heel waarskynlik die gewone alledaagse vorm, moes wy nog tot op sekere hoogte in die taal van die veldwagters voorgekom het.

Verswaring van die meervoudige pers. vnw. met -lieden of -lui was van die 16de eeu af gewoon. So het bv. die Afr. vnw. julle ontstaan uit Ndl. jullie, ielui, iy lui of joului - ook zullie en dialektiese Ndl. wullie.⁽⁴⁾ Zullie was 'n gewone 17de-eeuse vorm, en al kom die vorms zy, se, sy.lui, sully en sulle in die briewe naas mekaar voor, was sully en sulle ongetwyfeld dié wat in die spreektaal gebruik

is. /

-
- (1) Franken, V.R.V. 24, p. xxxvi.
 (2) Nienaber, Afr. tot 1860, p.1.
 (3) De Villiers, p. 33.
 (4) De Voys, p. 71 vlg.

die verskyning van die nog verder verswakte vorm hul, bv.:

"en sylley heeft geseyt dat hul myn op myn
eygen plaas sal doot schiete" (136 - '97).

Die gebruik van hulle en veral hul is interessant omdat dit nog nie by Wikar en Johanna Duminy voorkom nie. By laasgenoemde kom slegs een keer haarluÿ voor.⁽¹⁾ Trichardt gebruik net drie maal hulluÿ,⁽²⁾ maar Meurant skryf reeds konsekwent hulle met een uitsondering, nl. sulle.⁽³⁾

Dit lyk dus of hulle teen die einde van die 18de eeu sulle begin verdring het en dat die proses teen die middel van die 19de eeu feitlik voltooi is. Tog het sulle lank in die spreektaal bly voortleef en is tot onlangs by die ouer geslag gehoor.

Wat die 3de pers. mv. se voorwerpsvorm of die vorm na 'n voorsetsel betref, was haer, han, ham en hun in die 16de eeu al meer in gebruik vir alle geslagte, maar reeds in hierdie tyd was verbindings met -liede(n) of -luden gewoon en kry ons 'n verskeidenheid van vorms, o.a. henlieden, hunlieden, haerlieden.⁽⁴⁾

In die briewe vind ons 'n duidelike voorkeur vir haer, haarluÿ, haarlie en haarle, bv.:

"dat de kommando haer (nl. de boessiesmans)
niet kwaet doen souw" (2 - '52),
"dat de plaats haar luÿ te na sey" (61 - '83),
".....om haarle te haalen" (97 - '87).

Nooit kom hulle of selfs hunlieden voor nie. Slegs 'n enkele keer hun, bv.:

"van hun elk een hottentot" (99 - '87).

Ook vind ons af en toe die Ndl. vorms sey en se, bv.:

"waar op hy se heeft agter haalt" (97 - '87),
"maar hey het sey niet aft gegeveh)" (101 - '88).

By /

(1) De Villiers, p. 31.
(2) Smuts, p. 102.
(3) Scholtz: Meur. p. 29.
(4) De Vooys, p. 85.

By Johanna Duminy⁽¹⁾ is haarluif die gewone vorm en by Wikar⁽²⁾ en Trichardt⁽³⁾ haar. Dit lyk of daar aan die Kaap 'n bepaalde voorkeur vir haar-vorms bestaan het. Prof. Franken meen ook dat dit die gangbaarste vorm in die boere-Hollands van die tyd was en dat haar-vorms eers in die loop van die 19de eeu deur hulle verdring is.⁽⁴⁾ (Hulle kom vir die eerste keer en slegs 'n paar maal by Trichardt voor).

Dit is eienaardig dat hulle nooit as voorwerpsvorm in die briewe voorkom nie, maar wel as onderwerpvorm, tenspyte daarvan dat hulle juis as 'n vorm vir die voorwerp ontstaan het. En verder - waarom sou dit dan nie ook as besitlike vnw.-vorm in die briewe voorkom nie, aangesien hulle reeds as onderwerps- en besitlike vorm in die 17de eeu gewoon was. Ons staan hier voor 'n probleem wat nie met die gegewens uit die briewe opgelos kan word nie.

2. Versterking van die Persoonlike voornaamwoord:

In die briewe word die bywoord selfs dikwels vir die versterkende vnw. self gebruik. Die vorms kom baie voor, veral ná ik, maar ook ná ander vnwe. en snwe., bv.:

"soo hebbe (ik) den vee wagers selfs gevonden" (3 - '52),
 "dat hy daer geen tyt toe heb om het self te verrigte" (47 - '81),
 "heeft my dit selfs - ondertekent" (59 - '83),
 "de roovers selfs" (2 - '52).

Selwers kom nie voor nie.

Die verwarring tussen self en selfs was blykbaar gewoon in dié tyd. By Wikar kom dit ook voor.⁽⁵⁾

3. Wederkerende voornaamwoorde:

Wat die gebruik van die wederkerende vnwe. by die 1ste en 2de pers. betref, verskil Afr. en Ndl. nie.

By /

(1) De Villiers, p. 38.
 (2) Hofmeyr, p. 47.
 (3) Smuts, p. 104.
 (4) Franken, V.R.V. 14, p. 74.
 (5) Hofmeyr, p. 49.

By die 3de pers. enkv. en mv. het Ndl. egter die vorm zich wat by alle geslagte gebruik word. Die vorm het reeds in die 16de en die begin van die 17de eeu uit Duits na Ndl. oorgekom en groot opgang gemaak, maar die gebruik van die voorwerpsvorm van die pers. vnv. het in die Holl. volkstaal bly voortleef.⁽¹⁾ Afr. stem hier ooreen met die Holl. volkstaal.

Albei gebruike kom by die veldwagters voor, bv.:

"dat sully als twee bre Fatuers sig te bresse heeft gesteld, in dat Jan Syder sig tegens my heeft opgeset" (97 - '86),
 "en mÿn soon die het hem braaf beseert" (100 - '87).

Dit is opvallend dat die voorwerpsvorm by die meervoud (nl. hulle) nooit gebruik is nie - slegs sig. Dit kan egter aan ons beperkte stof te wyte wees. By Johanna Duminy kom hem en haarluf voor,⁽²⁾ by Trichardt en sy tydgenote speel zich 'n baie onbelangrike rol⁽³⁾ en Meurant skryf nooit zich nie, slegs hom en hulle,⁽⁴⁾ dus was sig waarskynlik 'n vorm wat maar taamlik swak gestaan het, selfs teen die end van die 18de eeu.

4. Besitlike voornaamwoorde:

'n Belangrike verskil tussen Afr. en Ndl. is die Afr. my en sy teenoor Ndl. mÿn, ÿn. Die herkoms van die Afr. vorms is nie heeltemal duidelik nie. In Mnl. is mi en si soms as besitlike vnv. naas mÿn en ÿn gebruik. Me was 'n gewone vorm in die 17de-eeuse geskrifte, maar my seldsaam behalwe in 'n klug Lichte Wigger van Van Santen. Nóg se nóg sy kom in 17de-eeuse tekste voor, maar ons moet waarskynlik tog aanneem dat my en sy albei in Afr. oorgebrfde vorms is.⁽⁵⁾

Dit /

-
- (1) De Vooys, p. 86.
 (2) de Villiers, p. 32, 39.
 (3) Smuts, p. 106.
 (4) Scholtz: Meur., p. 29.
 (5) Scholtz: Bon. p. 99, opm.14.

Dit is eienaardig dat ons in feitlik geen Afr. bronne voor 1860 my en sy kry nie, maar konsekwent myn en syn by Johanna Duminy, Boniface en Meurant. Slegs by Trichardt kom my en sy 'n enkele keer voor.⁽¹⁾ In die briewe van die veldwagters vind ons as reël myn en syn, maar ongeveer vyf maal het ek tog my teëgekem, bv.:

"my leet wese", "my graan", "my belangen" (teenoor een keer "myn pligten" in die brief 89 - '87),
 "aan my heer landrost" (116 - '92),
 "ook maak ik myn heer voor de tweede maal bekend of my heer de vorige niet ontvangen heeft". (128a - '95).

Zey of sy kom drie keer voor, bv.:

"Wat het joesep vorie En zey vrou mey ooyt gedaan" (12 - '70),
 "zey huys" (naas "zeyn huys" 40 - '79),
 "sy kinders" (108 - '89).

Dit lyk asof die vorms my en sy reeds sporadies in die spreektaal van die veldwagters aanwesig moes gewees het, al is hul miskien nie algemeen gebruik nie. Tog is dit moeilik om die waarde van hierdie paar voorbeelde vas te stel, aangesien die ondersoek van later bronne so duidelik op die konsekwente gebruik van die Ndl. vorms wys. Ek dink tog dat ons die voorbeelde van my en sy as belangrike vondste moet beskou. Is die gedurige skryf van syn en myn weer 'n geval van buitengewone streng handhawing van skryftaalvorme?

Wat die meervoudige besitlike vnwe. betref, kan ons wys op die vorm julle, wat egter net een keer voorkom, bv.

"menschen doet tog julle bes..." (120b - '93).

Daarnaas tref ons u en uw konsekwent aan.

Die 3de pers. mv. is in Ndl. hun, haar (meer deftig) en hullie, die volkse vorm. In die 16de en 17de eeu is hunlieden en haarlieden ook as besitlike vnwe. gebruik. Uit hunlieden het hullie ontstaan, wat in Afr. in hulle ontwikkel het.

(1) Smuts, p. 110.

Soos ook by die voorwerpsvorme van die pers. vnwe., toon die briewe 'n sterk voorkeur vir haar en haarly, bv.:

"... heeft de komedant de roovers selfs gesonde om haar beeste te haale" (2 - '82), "dat de mense altemaal van haarly plaatze heeft moete vlugte en tot nu toe nog geens op haarly woonplaatze ben", (127b - '95).

Die hun-vorm is in die minderheid en hullie of hulle kom nêrens voor nie.

Haar en haarly was moontlik die vorms wat die meeste gebruik is in die spreektaal teen die einde van die 18de en begin 19de eeu. Wikar, Johanna Duminy, Boniface en Trichardt skryf almal haar(e) of haarly. Hulle het om een of ander rede eers later by Meurant en Bezuidenhout in gebruik gekom.

5. Die Pronominale Bindwoord:

Wat die pronominale bindwoord betref, het ons in Afr. se ná die enkelvoud en ná meervoude, bv. "Jan of Anna se hoed", "die mense se opvatting". Ndl. onderskei tussen die geslagte, en ook die meervoud het sy bepaalde vorm, bv.: "Jan z'n hoed", "Anna d'r hoed", "de mense d'r opvatting".

In die briewe kry ons as reël die vol vorm syn, 'n enkele keer sen en haar. Meestal kom die syn- en sen-vorme ná eiename voor, bv.

"Piet jordaen zyn naam" (17 - '72),
"routenbach zen vee" (52 - '82).

Die vroulike vorm haar kom selde voor, nie omdat die manlike vorm dit reeds begin verdring nie (bv. Piet, Anna se hoed), maar omdat die materiaal min kanse bied waarin die konstruksie aangetref kon word, bv.:

"dat is de weduwe haar soomer wey....de weduwe haar plaats" (57 - '82).

Die Afr. vorm se kom nog nêrens voor nie. Ook by die ander skrywers word se nie aangetref nie, en ook is daar

min teken van die uitbreiding van gyn tot ná vroulike en meervoudige vorme. Die Afrikaanse toestand het vermoedelik eers laat in die 19de eeu ontwikkel.

6. Aanwysende voornaamwoorde:

Deurdát Afr. nie op geslagsverskille hoef te let nie, het dit as attributiewe aanwysende vnw. slegs 'n paar vorms waar daar in Ndl. 'n groter verskeidenheid as gevolg van die geslagsindeling aangetref word.

Om dinge wat naby is, aan te dui, het Ndl. by de-woorde die aanwysende vnw. deze en by het-woorde dit. Hierteenoor gebruik Afr. hierdie (of dié). Om dinge wat ver is, aan te dui, gebruik Ndl. die aanwysende vnw. die en dat. Hierteenoor staan die Afr. vorm daardie.

In die briewe vind ons dat dese baie dikwels en korrek gebruik word, bv.:

"dese plaas" (19 - '73), "dese Andris Burger" (63b - '83).

Dit kom slegs enkele kere voor, bv. "dit jaar" (100 - '87), maar baie keer kry ons deze i.p.v. dit, wat duidelik aantoon dat die "het-gevoel" al begin verdwyn of reeds heeltemal verdwyn het, bv.:

"de orlamse hottentots hier in dese gewest" (119 - '93),
"dese arme gebrekkelyke kint" (133a - '95).

Die aanwysende vnw. die is moeilik te onderskei van die as lidwoord i.p.v. de, maar die kom waarskynlik taamlik algemeen as aanwysende vnw. voor; ook i.p.v. deze, omdat die twee vorms van die vroeëste tye nie streng uitmekaar gehou is nie.

Dat kom, soos dit, slegs 'n paar keer voor, bv.:

"dat despuet" (6 - '68) en ook een keer hiperkorrek: "dat selfde kraal" (46 - '81).

Dit is duidelik dat dese of die as aanwysende vnw. by alle geslagte algemeen in gebruik moes gewees het.

Hierdie en daardie kom nog glad nie voor nie.

Selfstandige aanwysende vnw. het gewoonlik 'n terugwysende funksie. Die word in Ndl. baie as aanwysende vnw. by de-woorde (enkv. en mv.) gebruik. In Afr. word hy, sy en hulle gebruik as daar na persone verwys word en andersins dit of hulle.

In die briewe word die deurgaans in verband met persone (enkv. of mv.) gebruik, bv.:

„Wanneer die (nl. ‚een burger‘) een Comande wygerd“ (70 - '84),
„dat ik die (nl. ‚de rovers‘) en ander half dag ... is na geweest“ (89 - '86)

maar een keer vind ons dat, bv.:

„De luyde die der gevlugt bin, dat is...“ (98 - '87).

Met verwysings na dinge vind ons ook gewoonlik die,
bv.: „en sturde die (nl. een brief) open rond“ (70 - '84),
maar partykeer kry ons ook het, hem en hy, bv.:

„een gedeelte gelt tot de waagen wilt geve als het tot de Dienste van Comandis gebruykt wort“ (46 - '81),
„die ploets ... so u hem drie-jare vernuwet ... en dankt hem af en versoek hem weer voor frans kruger ... of hy dan niet kan afgedank worde“ (47 - '81).

Behalwe dat ons hieruit duidelik kan sien dat daar min gevoel vir geslagsonderskeid by die skrywer was, is die nou verband tussen pers. vnw. en aanwysende vnw. iets wat ook baie algemeen in Afr. is.

Die onpers. aanwysende vnw. dat word baie in Ndl. gebruik. Dit dien veral om die inhoud van voorafgaande sinne te hervat of 'n vae aanduiding van 'n vorige begrip te gee. So is dit ook in die briewe, bv.:

„de Landrosts heeft hem dat gesyt“ (2 - '52),
„ik bin niet onwillig om kommandes te doen wan(t) dat is soo goet voor myn is als voor die ander“ (81 - '85).

As verwysing na lewende wesens word dat soms gebruik, bv.:

„dat is een man die doet soo als hy wil" (99 - '87).

Ek het reeds by die bespreking van die pers. vnwe. daarop gewys dat dit moeilik is om in die briewe tussen die onpers. vnv. en die aanwysende vnv. te onderskei omdat die vorms het en dat (dit) in Afr. saamgeval het tot dit. Ons het gevind dat daar maar enkele gevalle aan te toon is waar die gebruik van dit as onpersoonlike vnv. onbetwyfelbaar is. As selfstandige aanwysende vnv. kom dit egter taamlik dikwels voor, bv. byna konsekwent in 'n brief van Lucas Meyer (97 - Ao. 1787),

„en heeft dog een wýnig (weg geloopene Hottentotten) van Grobler gekregen maar dit is de gedeelte nog niet van sýn volk", "... dog de Caffers van saku heeft hem gek(re)gen met de beste ... heeft hem dit toen ontnomen en mýn weeder ge brogt".

Baie dikwels word dit aan die einde van briewe gebruik as terugwysend op die inhoud van die brief, bv.:

„in teken der waarheit heb ik dit met mýn gewoone handtykening bekragtig" (43 - '81).

Ook vooruitwysende word dit af en toe gebruik, bv.:

„Mýn heer dit is diennend om UE: tot berigting bekend te maken als dat..." (97 - '89).

Dit is opmerklik dat by die de-woorde (veral persone) en meervoude die as selfstandige vnv. nog taamlik sterk gestaan het. Die onpersoonlike aanwysende vnv. dat kom nog baie voor, en ons moet aanneem dat dat nog algemeen in die spreektaal was, veral as ons merk dat Boniface dit nog baie gebruik in sy Afr.⁽¹⁾ en dit by Bezuidenhout nog konsekwent voorkom.⁽²⁾ Tog kan ons sien dat die neiging om dit én as aanwysende vnv. én as onpersoonlike vnv. (vgl. p. 64) te gebruik, reeds begin posvat het. Dit was al gewoon voor 1850.⁽³⁾

7. Betreklíke /

-
- (1) Scholtz: Bon. p. 83.
 (2) Scholtz: Afr. Brief p. 61.
 (3) Scholtz: Brief 1830.

en Trichardt gebruik wat ook 'n paar maal na de-woorde en meervoude.⁽¹⁾ Boniface maak selfs meer gebruik van wat as van die.⁽²⁾

Dit is duidelik dat wat al met die verdwyning van geslagsdifferensiasie in die tweede helfte van die 18de eeu, ná de- sowel as ná het-woorde begin voorkom het.

8. Onbepaalde en Vraende Voornaamwoorde:

In verband met die onbepaalde en vraende vnw. is daar nie veel op te merk nie. Ons kan slegs meld dat die saangetrekte Afr. attributiewe vraende vnw. watter nog nie voorkom nie, slegs wat voor, bv.:

„nu weet ik niet wat voor vee de hottentot meer hebbe moet" (119a - '93).

Die onbepaalde vnw. wat is net een keer aangetref, bv.:

„ik moet nogh wat met noeka praeten" (2 - '52).

Moontlik sou daar meer gevalle voorgekom het as die materiaal waarop ons beskik, nie van so 'n beperkte aard was nie. By Boniface word wat as onbepaalde vnw. nog verskeie kere gebruik.⁽³⁾

B. DIE WERKWOORD.

Een van die grootste en belangrikste verskille tussen Afr. en Ndl. lê in die vervoeging van die werkwoord. In alle ou tale, Romaans of Germaans, kry ons talryke vormverskille om getal, persoon, tyd, wyse en vorm uit te druk, maar deur die eeue heen het daar 'n proses van vereenvoudiging ingetree wat langamerhand die veelvuldige vorms begin uit-skakel en meer op die steun van hulpwerkwoorde begin reken het. Hierdie proses van gelykmaking en vereenvoudiging het

in /

(1) Smuts, p. 137.
 (2) Scholtz: Bon. p. 83.
 (3) Scholtz: Bon. p. 83.

in Afr. die verste gevorder, en die byna algehele afwesigheid van vervoegingsvorme is juis een van die hoofkenmerke van Afr.

(a) GETAL.

Die ooreenkoms wat in Ndl. tussen die getal van die onderwerp en die vorm van die werkwoordelike gesegde bestaan, het in Afr. weggeval sodat ons geen getalsverskille in die werkwoord het nie. Reeds vroeg in Ndl. was die gevoel vir getal by werkwoorde onvas; in die middeleeue en later nog in die 17de-eeuse Hollandse volkstaal vind ons dikwels 'n enkelvoudige werkwoordsvorm by 'n meervoudige onderwerp, en ook soms die omgekeerde. (1)

Dit verbaas ons dus nie dat hierdie toestand in die briewe weerspieël word nie, temeer omdat daar reeds vroeg in die 18de eeu voorbeelde van enkv. ww. vorme by meerv. onderwerpe in staaltjies van slawe- en Hott.-Holl. en selfs in die kolonistetaal voorkom. Selfs nog vroeër in die 17de eeu skryf van Meerhoff en Frederik de Smit „mý king, mý naem, (2) hottentoes ig." (3) Hulle was wel vreemdelinge, maar ons moet ook rekening hou met moontlike invloede wat van hulle kon uitgegaan het, Ook in die "Lied", by Wikar en in die dagboek van Johanna Duminy is hierdie verskynsel algemeen.

Uit die briewe is dit duidelik dat die gevoel vir getalsverskille ook by die gewone plattelandse burgers feitlik nie meer bestaan het nie. Die enkelvoudsvorme word byna deurgaans naas en i.p.v. die meervoudsvorme gebruik. Ek noem slegs 'n paar voorbeelde uit die talryke gevalle:

„dat die boesemans zo plaagt" (23 - '76),
 „als sulks (sekere persone) als ongestraf
blyf en geen scherper orders kom, sal de
 moordery en de rovery...toe nemen" (78 - '85).

Veral /

(1) V. Helten, p. 47.
 (2) Kloeke, p. 314.
 (3) Kloeke, p. 326.

Veral by imperfekvorme kom die enkelvoud dikwels voor, bv.:

„hoe meer wy teen die kraal sloeg, hoe meer daar van andere krale kwan toeloopen" (110b - '90).

Ook hulpwwe. verskyn in die enkelvoud, bv.:

„de menschen wil van hem niet gekommandeert zeyn" (135 - '95).

Ons kan dus aanneem dat teen die einde van die 18de eeu die gevoel vir getalsverskille in die spreektaal al byna heeltemal verstomp het.

(b) PERSOON.

Ook wat persoonsvorme betref, kom ons tot die gevolgtrekking dat daar maar min differensiasiegevoel vir die verskillende persoonsvorme by die veldwagters bestaan het. As ons die enkelvoudsvorme van die teenswoordige tyd nagaan, vind ons 'n toestand waaruit verwarring duidelik spreek. Die hulpwwe. kunnen, mogen, willen, zullen moet buite^{beskouing} gelaat word omdat hulle geen vormverandering in die enkelvoud het nie. Ook wwe. waarvan die stam op 'n -d of -t uitgaan, kan weens die feit dat daar geen uitspraakverskille in die enkv. bestaan nie, hier nie ter sprake gebring word nie.

Vir die 1ste pers. enkv. vind ons naas korrekte gebruik, bv. "soo versoek ik" (89 - '86), ook vorms op -t en selfs -en, bv.:

„(dat) ik de vrede soekt" (6 - '68),
„Ik onder getekene bekennen.." (17 - '83).

Die -t-vorme moet as hiperkorrek beskou word, terwyl die -en-uitgang bloot in beleefde formules gebruik is en nooit in die spreektaal geleef het nie.

By die 2de pers. enkv. vind ons ook 'n wisseling tussen vorme met -t en dié sonder, -t, bv.:

„so u myn maer schryf...en dankt hem af en versoek hem" (97 - '81).

By die 3de pers. enkv. kom vorms met en sonder -t naas mekaar voor, bv.:

"myndert klaese zegt" (24a - '76), maar
 "soo als de hottentot geg" (1 - '50),
 "wat scheel hem" (12 - '70).

By meervoude kry ons ook vorme met en sonder -t, bv.:

"wey verklaardt" (28 - '77),
 "soo loop syn beerten" (33 - '78),
 "de nense die op die berg woon" (23 - '76).

Al kom die vorms met en dié sonder -t min of meer ewe veel kere voor, moet ons aanneem dat die vorm sonder -t vir al die persone in die spreektaal baie meer voorgekom het. 'n Goëie voorbeeld wat aandui dat die skrywer geen gevoel vir getal en persoon gehad het nie, is die briefie van J.J. Kruger (88 - '86):

"door dien dat myn moeder aff gelege woon van de destreksie want ik woon seve uure en een half van haar van daan en haar naaste buere die sy het woon vier ure te Paart van haar."

Die wegval en behoud van die -t het egter in verband met sekere fonetiese omstandighede gestaan en nie sonner willekeurig weggeval nie.

As ons die saak nader beskou, vind ons dat die -t baie meer dikwels wegval na 'n ww. waarvan die stam op 'n stemlose frikatief of eksplosief uitgaan, veral na k en g, bv.:

"waerschouwen dat help niet" (3 - '52),
 "Jacob Naude trek weer weg" (23 - '76),
 "den heer schryf myn" (74 - '84),
 "dat hey droog tot in de berg dat er voor
 "geen schilpat water is" (20 - '86).

Tog val die uitgang soms ook weg ná liquidae en nasales, bv.:

"wordt josept vorie mal, of wat scheel hem?"
 (12 - 20),
 "dit dien ue tot berigt" (14 - '71),
 "dat het nog gedurig...opnuut versweer" (133a-'95).

Waar sprekers vandag nog oor die algemeen voorkeur gee aan

hoort bo hoor (behoort), vind ons in die briewe reeds hoor,

„dat is velt die bey De plaas hoor” (109 - '89).

Ek het geen voorbeelde gekry waar die -t na ng of 'n diftong verlore gaan nie. By Trichardt gebeur dit nogal dikwels.⁽¹⁾

As ons die gegewens uit ander geskrifte van die tyd en later nagaan, vind ons dat Johanna Duminy ook geneig was om die -t eerder ná l, m, n en r as ná stemlose konsonante te skryf.⁽²⁾ Ook by Trichardt en sy tydgenote skyn dit die geval te wees,⁽³⁾ al verdwyn die -t in Meurant⁽⁴⁾ en Bezuidenhout⁽⁵⁾ se geskrifte sonder onderskeid tussen stemlose en stemhebbende konsonante.

By sekere wwe. waarvan die stam in Ndl. op d, g of [v] uitgaan, vind ons in Afr. dat afgesien van die verlies van die slot -t, die stamkonsonant ook verlore gegaan het, bv. ry, kla, gee. Hierdie verskynsel gaan saam met die sinkopee van intervokaliëse d, g en y wat reeds onder die klankstelsel bespreek is. Ons het gesien dat slegs die intervokaliëse d (oorgeërf uit die 17de-eeuse Holl.) vroeg begin wegval het in geskrifte aan die Kaap. Die sinkopee van g en y het eers later in Afr. plaasgevind. Wat die persoonsvorme betref, merk ons dan ook dat voorbeelde sonder g of f as stamkonsonant slegs sporadies voor 1850 gevind is. By Trichardt vind ons twee keer kry, vyf keer ply,⁽⁶⁾ by Meurant ses keer kry⁽⁷⁾ en by Bezuidenhout lie en glo.⁽⁸⁾ Aangesien daar nóg by Wikar, nóg by Johanna Duminy sulke vorms voorkom, kon ons verwag het dat die briewe in dié opsig ook nog die Ndl. toestand weerspieël.

Ons /

-
- (1) Smuts, p. 198.
 (2) De Villiers, p. 55.
 (3) Smuts, p. 200.
 (4) Scholtz: Meur., p. 29.
 (5) Scholtz: Afr. Brief, p. 61.
 (6) Smuts, p. 203.
 (7) Scholtz: Meur., p. 61.
 (8) Scholtz: Afr. Brief, p. 29.

Ons vind egter dat die g as slotkonsonant reeds by die veldwagters begin wegval het, bv.:

"hey rey ront om al die mense te laate tykenen" (23 - '76),
 "het is ook niet noodig dat een ander schade ley ... dat hy Jasper Kloet 2 van syn volk aan de maasels ly" (99 - '87),
 "dat de plaas...niet langer waater houw als veyf of ses maanden" (24b - '77).

Van wwe. waarvan die stam in Ndl. op g uitgaan, vind ons nêrens in die briewe dat die g as slotkonsonant afwesig is nie, bv. seg, kryg, leg. 'n Bekende verskynsel in Mnl., naamlik dat die g na g in die stam in intervokaliëse posisie wegval sodat 'n diftong ei ontstaan, kom egter dikwels, voor, bv.:

"en de weduwe haar plaats leyt tegen een berg" (57 - '82),
 "hey seyt ook dat ... (101 - '88).

Die stamkonsonant f kom ook deurgaans in die briewe voor, bv. geef, blif. Slegs een keer vind ons dat dit wegval in die formele slot waarmee die meeste briewe afgesluit word:

"verder verbly (ik) UE goede vriend".

Dit is moeilik om die betekenis van 'n vorm soos "verbly" te beoordeel, want dit kom slegs die een keer in 'n formele sinsnede voor. Ek glo nie ons moet dit beskou as 'n poging om formeel te skryf nie, en tog kan ons nie op grond hiervan aanneem dat die stamkonsonant in dié woord algemeen in die spreektaal was nie. Tog moes die vorm sy oorsprong in die spreektaal gehad het. Kan ons dan aanneem dat die verskynsel reeds in die tweede helfte van die 18de eeu begin posvat het, al was dit dan miskien slegs hier en daar onder sekere groepe in gebruik?

In Afr. het alle persoonsverskille by die wwe. doen, gaan, staan, staan en zien verdwyn. Vorms op -t word nog af en toe gehoor, maar behoort eintlik tot die

taal van die ouer geslag. In die 16de- en veral in die 17de-eeuse volkstaal en klugte vind 'n mens dikwels die vorm op -n, veral by enklise van ik, bv. sien ick, doen ick ens. Selfs vandag kom die -n-vorme en ook dié op -t, bv. ik gaat, dialekties en in minder beskaafde taal in Holl. voor.⁽¹⁾ In Afr. het die -n-vorme na alle persone uitgebrei.

Dit is dus 'n bietjie vreemd dat ons in die briewe geen voorbeelde in die enkelvoud van die vorms op -n aantref nie. Die t-vorm is dié in algemene gebruik en word selfs by die eerste pers. gevind, naas die korrekte vorm, bv.:

"dat ik afstaat" (6 - '68),
 "omdat u ED dink dat ik haar luy ongelyk
doet" (119a - '93).

Ook by meervoudige onderwerpe verdring die -t soms die -n, bv.:

"wyl de bosjesmans zoo te keere gaat" (127 - '95),
 "dan na namakwasland waar alle schelme heen gaad!"
 "(136 - '97).

Mansvelt sê in sy Idioticon dat gaan en gaat destyds naas mekaar sonder onderskeid vir alle persone enkv. of mv. gebruik is.⁽¹⁾ Soos in die briewe word die -t-vorm deur Trichardt, Meurant en Bezuidenhout oorwegend gebruik. Ons kan dus aanneem dat al was die n-vorm vermoedelik van die begin af aan in gebruik, die vorm op -t sterk oorweeg het tot in die tweede helfte van die 19de eeu toe die 3de persoonsvorm op -t verdwyn het.

Uit die bostaande gegewens is dit reeds duidelik dat die velwagters baie min gevoel vir persoonsvorme oor gehad het. Dit word verder bewys deur die persoonsvorme van die ww. hebben en zyn.

In Afr. het alle vorms van die ww. hebben saamgeval tot het by alle persone.

In /

(1) Mansvelt, p. 49.

In die briewe vind ons by die 1ste pers. enkv. nog dikwels heb, maar die vorm heeft of heef kom net so baie voor, indien nie meer nie, bv.:

„ik doet u te weeten dat ik de plaatsen heeft laten af gaan" (10 - '70),
 „die mense die op de berg woon, heef ik weer gekommandeert" (23 - '76).

Het word ook af en toe aangetref by die 1ste pers., bv.:

„En voor de brande weyn het ick hem Geldt in zeyn huys gestuert" (12 - '70),
 „want ik heb geen volk ik het geen haar van een hottentot" (81 - '85).

Ons vind selfs dat hebt as hiperkorrekte vorm voorkom, bv.:

„nu hebt ik gehoord" (135 - '95).

By die 2de pers. enkv. kry ons hebt, heeft en heef, maar geen het-vorms nie, bv.:

„wanneer heef gy dan u Baken gestoken" (58 - '83).

Die vorms heeft en heef oorweeg by die 3de pers. enkv., maar heb kom ook baie dikwels voor, bv.:

„(dat) myn soon...tog so veel te doen heb dat hy daer geen tyt toe heb" (47 - '81).

Die vorm het word heel dikwels aangetref, bv.

„dat mydert klaese tegens myns geseyt het dat zyn zoon hendrik klaese en de mant Oktober me gedreht het en ook zyn eet af gelyt het" (24a - '76),
 „en haar naaste buere die sy het woon vier ure te Paart van haar" (88 - '86).

By die 1ste pers. mv. vind ons nog baie hebben; maar soos dit by die 1ste pers. enkelvoudsvorme die geval was, vind ons ook hier dat dit lyk asof die heeft- en heef-vorms die korrekte vorm in gebruiksfrekwensie oortref, bv.:

„tot dat wy water gevonden heeft" (218 - '76),
 „en wey heef die kraal 13 Maart verslagen" (23-'76).

Ook vind ons heb-vorms, bv.:

„de onweer en kouw die wy hier hede heb" (113a-'95)

maar nêrens kom het, wat taamlik dikwels by die enkelvoudsvorme en ook by die 3de pers. mv. aangetref word, voor nie.

Die persoonsvorme wat by die 3de pers. mv. die meeste in gebruik is, is heeft en heef, bv.:

„soo heef myn kinders...” (1 - '50),
 „(dat) rovers of bossimans...al haar tobak
 uyt de tuyn gestele heeft” (88 - '86).

Heb kom ook dikwels voor, en het is verskeie kere gebruik, bv.:

„dat de bossimans...gestole het” (95 - '87).

Ons kan aflei dat die veldwagters ook wat die ww. hebben betref, geen gevoel vir persoonsvorme gehad het nie. Selfs in dieselfde brief wissel die vorms by dieselfde persoon of word een vorm vir alle persone gebruik (bv. 23 - '76).

Oor die algemeen is heeft en heef die gewoonste vorms, afgesien van persoon. Heb volg wat gebruiksfrekwensie betref op laasgenoemde vorms, en dan het. Dit is in sekere mate vreemd dat het nie meer voorkom nie, aangesien die vorm reeds in die 17de-eeuse Holl.volkstaal algemeen was. Ons moet aanneem dat dit meer verbreed was in die spreektaal, maar dat dit al die enigste vorm in gebruik was, sou ek nie wil beweer nie. Daar is niks om te bewys dat heef(t) (en heb) nie nog sterk in die mond van die volk geleef het nie. Dit is moeilik om te oordeel hoe en wanneer die het-vorm vir alle persone die algehele oorwinning behaal het, maar teen die middel van die 19de eeu moes dit die ander vorms byna geheel en al verdring het; immers, Boniface, Meurant en Bezuidenhout skryf al drie konsekwent het.

Wat die ww. zijn betref, het ons vandag in Afr. is vir alle persone.

In die briewe vind ons vir die 1ste pers. enkv. meestal ben, maar is word dikwels aangetref, veral om 'n perfektiewe handeling uit te druk, bv.:

„want ik is van die pils (lees plaas) aft getrokken van wegens de hottentots” (18 - '73),

maar ook as koppelww., bv.:

"ik doet oom weten als dat ik op vertrek is
na...." (15 - '66),
"in ook is ik niet vris" (139 - c'97).

Van die vorm by die 2de pers. enkv. het ek in die briewe geen voorbeelde gevind nie.

By die 3de pers. enkv. vind ons soos te verwagte, byna deurgaans die korrekte is; maar wat interessant is, is dat ons hier die vorm ben soms teëkom, bv.:

"besuydenhout ben niet gekoomen" (97b - '87),
en ook 'n enkele keer zyn, bv.:

"dat myn sin om met hem in een Huwelyk te
treeden verandert zyn" (133b - '95).

Van hierdie hiperkorrekte vorms kan ons aflei dat is die vorm was wat vermoedelik by alle persone gebruik is.

By die 1ste pers. mv. is die korrekte vorm zyn die gewoonste. Is kom egter ook verskei kere voor, bv.:

"toen wy aen de moras ravier gekoomen is" (2 - '52).

Ons kan aanneem dat die vorm meer dikwels gebruik is as ons merk dat binne en ben ook voorkom - klaarblyklik hiperkorrekte vorms, bv.:

"doe binne my...weder gereden...tot en die
rennoster berg ben wey geweest" (23 - '76).

Die 3de pers. meervoudsvorm bied verskeidenheid van vorms, bv. zyn, bennen, ben, is, Ben kom baie voor, bv.:

"de plase ben verkog" (62 - '83),
"dat hulle wegt geloope ben" (101 - '88),

en bennen ook 'n enkele keer, bv.:

"soo bennen daar seeven meenschen aan de
strant gekoomen" (1 - '50).

Ons kan byna met sekerheid aanneem dat dié vorms nooit meer in die spreektaal voorgekom het nie. Hulle moet eenvoudig as hiperkorrek vir die vorm is beskou word, want ons kry soveel voorbeelde van die 3de pers. enkelvoudsvorm by die

mv., dat ons gedwing word om aan te neem dat is reeds die korrekte vorm begin verdring het, bv.:

"dat myn kinders in de duynen gereden is"
(1 - '50),
"dat myn volk alle schoon weg geloope is...
en myn paarde wat ik gehat heb is alle doot
daar is 3 doot zoo dat ik geen paart ook
heef" (96 - '83).

Dit is heeltemal duidelik dat is vir alle persone reeds baie gebruiklik was onder die boerebevolking van die laaste helfte van die 18de eeu. By Trichardt en sy tydgenote, by Boniface, Meurant en Bezuidenhout was is ook die gebruiklike spreektaalvorm.

Uit die gegewens in die briewe kan ons met sekerheid tot die gevolgtrekking kom dat die veldwagters geen gevoel vir persoonsonderskeiding by die werkwoord geken het nie.

(c) TYE.

Die vernaamste verskille tussen die Ndl. en Afr. verledetydsvorming, lê daarin dat Afr. afgesien van 'n paar vorms soos was, kon, sou, moes, dag of dog geen imperfektum en plusquamperfektum ken nie. Die imperfektum is in Afr. verdring deur die historiese praesens of deur die oorspronklike voltooid teenwoordige tyd.

Ons vind in die eerste helfte van die 19de eeu dat die perfektum die imperfektum in geskifte begin verdring. In stukke wat bewus in Afr. geskryf is, gebeur dit nog nie baie dikwels dat die perfektum in die plek van die imperfektum tree nie, maar Meurant gebruik tog die perfektum en die historiese praesens i.p.v. die imperfektum. (1)

Wat die tydperk voor 1800 betref, is Johanna Duminy se gebruik van die perfektum en die imperfektum nog suiwer Ndl., maar by die veldwagters het ek die indruk

gekry /

(1) Scholtz: Meur., p. 29.

gekry dat naas korrekte gebruik hulle tog nogal lief was om aan die perfektum voorkeur te gee, bv. brief 2 van Antoni Mieni (1752):

"Ik ondergeteekende Bekenne waer en waeraghtig te bekenne als toen wy aan die Moras ravier gekoomen is, daer de Hottentot by ons gekoomen is, dat onse komedant tegens de Hottentot klaas geseft heeft ^(")gy moet mee gaan^(") en die Hottentot seyde ^(")ja^(")...

Brief 52 van Johan Rijk 1782:

"Soo verklaare mits deesen, dat Loutenbag in die tyd dat ik by hem gewoont heeft zyn guste beeste op voor noemde Plaats heef doen leggen en wyden".

Tog vind ons dat die imperfektum nog byna altyd korrek voorkom; veral die praeteritum van die sterk wwe. word baie aangetref, bv. kreeg, quam, sag, liet, ging, trok, vloog.

"En soo ging de gemelde Christoffel Bota heen... en liet en brief schryven" (70 - '84).

Veral in die indirekte rede vind ons die imperfektum waar Afr. vandag die historiese praesens gebruik, bv.:

"Og dat sal ik jou seggen. Toen broer kobus aande hagel kraal in huys quam, daar sag hy de hottentot swarte booy inde combuys sit-ten" (8 - '69).

Die dialektiese vorm hiew i.p.v. hield (7 - '69) en die ou vorm vrieg i.p.v. vroeg (116 - '92) is interessant. Hierdie vorms moes in die skrywers se spreektaal aanwesig gewees het en is dus 'n sterk argument vir die lewenskragtigheid van sterk imperfekta in die tyd.

Wat die swak praeterita betref, is dit opvallend dat hulle in vergelyking met die sterk imperfektum baie minder voorkom. Dit is nie waarskynlik dat dit blote toeval is wat hier 'n rol speel nie. Ons vind slegs die vorm seyde, stuerde, antwoorde, agaerde, behoude, bv.:

"Waar op Pieter Swanepoel tegens meyn seyde:
Waar op broer iJosep meyn weer stuerde tot
twe maal toe" (12 - '70).

Vergelyk ons hierdie toestand met die gegewens uit Boniface se taal, dan merk ons dat die sterk imperfektum nog gewoon is, maar dat praeterita op -de of -te nie voorkom nie. ⁽¹⁾ Dit lyk asof 'n sekere groep alledaagse sterk imperfekta langer in die taal bly voortleef het as die swak vorms en dat die swak imperfektum reeds teen die einde van die 18de eeu 'n neiging toon om te wil verdwyn. As dit werklik so is en die min vorms uit die briewe nie toevallig is nie, moes die perfektum tog altans die funksie van die swak imperfektum stadigaan begin oorneem het.

Die imperfektum van hulpwwe. kom - soos verwag kan word - die meeste voor, bv. souw, was, mog, moes, kon, had, ens. 'n Ou vorm kos (83 - '85) i.p.v. kon bewys ook dat wat die imperfektum van die hulpwwe. betref, die vorms diep in die taal van die volk bly sit het. Vandag nog gebruik ons die Ndl. praeterita van die hulpwwe.

Die historiese praesens word selde of nooit in die briewe aangetref nie, wat nogal vreemd is aangesien dit algemeen in die Holl. spreektaal was. Miskien is dit te verklaar uit die strewe om deftig te skryf, want die vernaamste eienskap van die historiese praesens is juis dat dit 'n gemoedelike en vloeiende verteltrant bevorder en dit word nie graag in offisiële rapporte gebruik nie.

Ook wat die plusquamperfektum betref, word die perfektum dikwels in die plek daarvan gevind (en later sou dit die plusquamperfektum met behulp van woordjies soos alrees, toe net, heeltemal verdring), bv. (16 - '71):

„Ik ondergeteekene verklaare met de waarheyt als dat ik de maand iunnij duno 1774 De baak voor pieter Burger gestooken heeft... en daar op heeft Monsseur schalk Jacobus Burger B zoon Meyn geseyt als dat hey voor syn broer daar een baak gestooken heeft Anno 1773... waar op ik hem tot antwoord gegeve heeft...”

Kon /

(1) Scholtz: Bon. p. 85.

Kon die gebruik van die perfektum in die briewe gespruit het uit 'n strewe om 'n deftige indruk te maak, of het dit al hier en daar in die spreektaal van die veldwagters in uitgebreider funksie voorgekom? Ons moet onthou dat korrekte gebruik van tye meestal gehandhaaf is, maar nietemin is die afwykinge moontlik van groot belang. Al wat ons met 'n mate van sekerheid kan sê, is dat dit lyk asof die swak imperfektum en die plusquam-perfektum in die algemene spreektaal al tekens van die begin van verdwyning toon, dat die historiese praesens baie selde voorkom en dat die perfektum 'n neiging toon om oral in te dring.

(d) MUTATIEWE WERKWOORDE MET HULPWWE. „HEBBEN” OF „ZYN”.

In Afr. word alle verledetydsvorme van wwe. deur het plus die volt. deelw. gevorm. In Ndl. word mutatiewe wwe. en wwe. wat 'n perfektiewe toestand aandui, met die hulpww. zyn vervoeg, bv. Ndl. ik ben gekomen, Afr. ek het gekom.

In die briewe vind ons nog oor die algemeen 'n troue weergawe van die Ndl. gebruik, maar ook hier vind ons reeds 'n hele paar gevalle wat in die Afr. rigting wys, bv.:

„Met myn weeten geen eeue koey naer haer kalf
komme loope heeft” (2 - '52),
„ick het gereede” (12 - '70),
„Zoo als wy gegaan heeft” (57 - '82),
„als het moogelik was geweest had (lees had)
ik gewillig gekoomen” (131 - '95).

Die verdringing van zyn deur hebben is egter nie tipies Afr. nie, want hebben is reeds in die 17de-eeuse Holl. gewoon.⁽¹⁾ Dit is opvallend en vreemd dat Trichardt en sy tydgenote, Boniface, Meurant en Bezuidenhout nog altyd die hulpww. zyn gebruik om die mutatiewe ww. te vervoeg, maar óf dit die enigste spreektaalvorm was, /

(1) V. Helten, par. 60.

was, betwyfel sk. Vervoeging met hebben moes reeds in gebruik gewees het - in hoe 'n mate kan niemand presies uit die bestudeerde bronne vasstel nie.

(e) VOLTOOIDE DEELWOORDE.

'n Belangrike aspek van die verskil tussen Ndl. en Afr. is die vorm van die volt. deelw. In Ndl. word tussen sterk en swak volt. deelw. onderskei. Sterk wwe. vorm hulle volt. deelw. deur die voorvoegsel ge- plus die stam (gewoonlik met veranderde vokaal) en die uitgang -en. Swak volt. deelwe. word deur ge-, die onveranderde stam en die agtervoegsel -d of -t gevorm. In Afr. bestaan daar nie so 'n skeiding in sterk en swak wwe. nie; die volt. deelw. van alle wwe. word gevorm deur die voorvoegsel ge- plus die stam van die ww.

Wat die sterk wwe. betref, staan die briewe nog op die Ndl. grondslag. Ons vind deurgaans vorms soos gestoole, gescooten, gegeven, geschrewe, gebleewe, getroffen, geschonken, gewonne, gelesen, vernoeme, bekraven ens. ens. Klinkerwisseling vind altyd plaas waar dit so hoort, behalwe in een geval (88 - '86):

„dat de roovers...al haar tobak uyt de tuyn gesteie heeft”.

Wat die waarde van een afwykende vorm is, is moeilik te beoordeel, maar as ons vind dat in die „Lied” vorms soos beswyk en gangekyk voorkom, ⁽¹⁾ kan ons dit as een van die eerste voorbeelde noem wat die begin van die vereenvoudiging in die rigting van Afr. aandui.

Interessant is twee gevalle waar die uitgang -en verlore gegaan het, nl.:

„de plaast...is ingetrok by de E compagnie” (71-
"84),
„dat den burger vrans Joubert al was vertrok
naar Swellendam toen ik...” (120a - '93).

Noem /

(1) Nienaber, Afr. tot 1860, p. x.

Neem ons die sporadiese wegval van die -en-uitgang by die infinitief in ag, word ons gedwing om te vermoed dat die neiging om die uitgang te laat wegval, reeds begin posvat het in die tweede helfte van die 18de eeu.

Wat die onreëlmatige ww. betref, verskil die vorms in die briewe ook nie van Ndl. nie, bv. gedacht, gekogt, verzogt, gebracht, gedaan, gestaan. 'n Ou vorm soos gebrog (97 - '87) en vorme soos gesevt (17 - '72), gelyt (109 - '89) is reeds uit die 16de en 17de eeue bekend. ⁽¹⁾

Weer is daar slegs een vorm wat 'n afwykende klank toon, nl. versoeke (110a - '90), en een wat die algemene neiging om dit slot -t te sinkopeer, nie kon weerstaan nie, nl. versog (125 - '94). Soos reeds gesê moet sulke vorms die beginstadium van die vereenvoudiging aandui. Franken het reeds uit 'n brief van Mieguel Janse 1739 „gebrag” aangeteken. ⁽²⁾

Bevindings in ander geskrifte tot 1860 het aangetoon dat die uitgang en vokaalwisseling reeds in die tweede kwart van die 19de eeu grotendeels verdwyn het, soos blyk uit die geskrifte van Meurant ⁽³⁾ en Bezuidenhout. ⁽⁴⁾ Die vereenvoudiging van die sterk volt. deelw. in die rigting van Afr. moes dus reeds in die tweede helfte van die 18de eeu begin het, en die gegewens uit die briewe steun die waarskynlikheid van so 'n opvatting. Vermoedelik het die -en-uitgang die eerste verlore gegaan en daarna die vokaalwisseling (vgl. Trichardt se Dagboek ⁽⁵⁾), totdat die voltooide deelw. slegs deur ge- plus die stam gevorm is.

In verband met die swak volt. deelw. by die veldwagters merk ons dat die -t- of -d- uitgang ná p, t, k,

f, /

(1) De Vooy, p. 107.

(2) Franken, V.R.S. 24, p. xxxviii.

(3) Scholtz: Meur., p. 61.

(4) Scholtz: Afr. Brief, p. 29.

(5) Smuts, p. 267.

l, s en g meer geneig is om weg te val as ná **l, m, n, r,** vokaal of diftong. Veral ná [k], af en toe na [x] en sporadies ná [s] en [p] word die -t weggelaat, bv.:

„gebruik (2 - '52), afgedank, geraak (47 - '81),
genoot saak (110b - '90), bekragtig (43 - '81),
astervolg (128a - '95), vertrap (33 - '78),
gewees (69 - '83).

Ná **l, m, n, r,** vok. of diftong kom slegs die vorm genaam twee keer voor (97 - '87) en ook genaann (62 - '83), waaruit duidelik blyk dat die skrywer sy spreektaalvorm gebruik.

Hierdie toestand hang ten nouste saam met die apokopee van -t wat ons as klankverskynsel reeds bespreek het.

By Johanna Duminy⁽¹⁾ en Trichardt⁽²⁾ word die den- taal nog steeds ná liquidae en nasale geskryf, maar as ons na Boniface⁽³⁾ se taalgebruik kyk, vind ons dat die uitgang ná **l, m, n** en **r** reeds begin wegval.

Wat die voorvoegsel ge- betref by wwe. wat met 'n swakbekslede be-, ge-, er-, her-, ont-, ver- begin, kry ons in die briewe geen aanduiding dat die ge- reeds in dié rigting uitgebrei het nie soos dit wel by Wikar voorkom.

Met die algemene neiging om oorbodige uitgange en vormverskille in die spreektaal weg te laat, het die idee om die volt. deelw. te vorm bloot deur middel van voorvoeging van ge- by die stam, moontlik reeds teen die einde van die 18de eeu onbewus by die sprekers van Kaaps-Hollands begin posvat.

(f) DIE INFINITIEF.

In Afr. is die infinitiefvorm dieselfde as die vorm van die stam. In Ndl. word die inf. deur toevoeging van die uitgang -en aan die stam gevorm. Changuion het daarop gewys dat die weglating van die uitgang tipies van „Kaaps taaleigen“ is.⁽⁴⁾

In /

(1) De Villiers, p.

(2) Smuts, p. 259.

(3) Scholtz: Bon. p. 86.

(4) De Ned. Taal in Z.A. Hersteld, p.23.

In die briewe het ek die eerste voorbeeld van 'n gebruik wat gedeeltelik met Afr. ooreenstem in 'n brief van 1777 gevind (27):

"Ik versoek de ED: Heer gouvener de selfde lant en de waater over te laat sitten an den burger Petrus Jourdaan",

en heel dikwels het ek hierna in die verbinding laten plus nog 'n inf. die onverboë vorm gevind. Maar ander infe. wat afwyk van Ndl. kom ook voor, bv.:

"tot soveel als de waagen sal komt te staan" (46 - '81),
 "so u dat op so een wys niet ken verkrÿg (naas: "dat niet verkrÿge ken", 47 - '81),
 "ken hauw" vir "kan houden" (71 - '84).

Kry, wat in die ou tekste van die eerste helfte van die 19de eeu gewoon is, kom nog nie voor nie.

Interessant is veral die brief van Elsi van Eien (121 - '93):

"hy is dri of vier en twintig dagen bey meyn geweest...en anders niet gedaen als eat en drink en slaep..seyn kleeer moest ik laet was mot meyn eygen seep".

Nog voorbeelde:

"(dat) heÿ nou an het beter is" (128a - '95),
 "hy souw my...bevryde ken" (133a - '95)
 "dat de hottentos zy moet versamel" (135 - '95).

Is dit bloot toeval dat daar eers slegs voorbeelde van die vereenvoudiging voorkom by die hulpww. laten waar dit die eerste deel van 'n dubbele inf. uitmaak? Of toon dit 'n ontwikkelingsgang aan as ons merk dat die tweede inf. en enkv. infe. veral in die laaste briewe vry dikwels die uitgang begin verloor?

Vergelyk ons die gegewens met dié uit ander geskrifte, vind ons dat in die "Lied" van 1795 ook reeds twee uitganglose vorms gevind is: "kan begrÿp en "laat ons...

"spring". /

„spring”.⁽¹⁾ By Johanna Duminy kom slegs een uitganglose vorm voor⁽²⁾ en Trichardt en sy tydgenote skryf gewoonlik die Ndl. infinitiefvorm alhoewel uitganglose vorms ook aangetref is.⁽³⁾ Ons kan egter aanneem dat die -en reeds vroeër weggeval het. Franken gee vir die tydperk 1775 - 1825 'n hele aantal voorbeelde van uitganglose inf. wat hy uit boere-briewe gehaal het, bv.: „te vermoor, laat verniel, af te maak, uyt te trek, om te beskerm” ens., maar ongelukkig gee hy geen noukeurige datering nie.⁽⁴⁾ By Meurant en Bezuidenhout het die inf.-uitgang reeds grotendeels verdwyn.

Wat egter vir ons van groter belang is, is dat dit duidelik blyk dat die -en-uitgang van die inf. reeds in die tweede helfte van die 18de eeu begin wegval het.

(1) Nienaber, Afr. tot 1860, pp. 1,2.
 (2) De Villiers, p. 72.
 (3) Smuts, p. 279.
 (4) Franken, V.R.S. 24, p. xxxvi.

B E S L U I T.

As ons tot 'n gevolgtrekking ten opsigte van die stadium van ontwikkeling van Afr. in die tweede helfte van die 18de eeu wil kom, moet ons eers probeer vasstel in hoeverre die briewe die spreektaal van die veldwagters weerspieël en in hoe 'n mate die tradisie van die skryftaal hulle beïnvloed het. Die verhouding tussen spreek- en skryftaalinvloede verskil natuurlik van persoon tot persoon. Dikwels laat die onbeholpe spelling en afwesigheid van leestekens by die eerste oogopslag 'n groter mate van afwykinge vermoed, maar dit is eienaardig hoe sterk die invloed van die skryftaal selfs op die platteland onder eenvoudige boere was en hoeveel korrekte vorms en gebruike nog voorkom.

Tog is die spreektaalvorms wat ons in die briewe aantref, nie min nie. Dikwels is hulle nie van direkte belang vir die „Afrikaansheid“ van die briewe nie, maar meer van betekenis as aanduidings dat die skrywer sy spreektaal neerskryf, bv. vorms soos omagtig, krysvaat, Vredrik, co-mande, heys, kietel, ens., ens.

Wat meer van belang is, is dat die afwykende vorms ons wys op gebruike wat vroeër blykbaar heel gewoon was, maar wat vandag net onder sekere groepe sprekers voorkom, veral by minder beskaafdes en kleurlinge. As voorbeelde kan ons noem die wisselinge tussen ie en y, bv. ymand, yts tussen ee en y, bv. handtykening, tussen u en ou, bv. waarskou, tussen ee en eu, bv. sneul. Omvangryk was die wisseling van e en i, bv. Apral, iegt, plik en stim. Ook was vorms soos ravier, vantyn en Agustus algemeen. Afr. gaan vandag, wat hierdie verskynsels betref, saam met die Ndl. A.B., maar teen die einde van die 18de eeu het daar nog heelwat wisselvorms bestaan en het die

laer waardering van wat onsvandag as plat beskou, nog nie ingetree nie.

In die briewe kom daar baie vorms voor wat van die Ndl. A.B. afwyk, maar met die 17de-eeuse Holl. spreektaal en met Afr. ooreenstem. Ek noem slegs enkele voorbeelde: deur (Ndl. door), botter (Ndl. boter), vleis (Ndl. vlees), nuwe (Ndl. nieuw(e)), perd (Ndl. paard), gars (Ndl. gerst), bring, dink (Ndl. brengen, denken). Die meeste van hierdie vorms was reeds in die vroegste tyd aan die Kaap aanwesig en het in Afr. bly bestaan omdat die laer waardering van sulke vorms in Holland eers ná die emigrasie na die Kaap plaasgevind het.

Ander verskynsels wat ons ook miskien in Afr. kon verwag het, kom dikwels (sommige meer as ander), in die briewe van die veldwagters voor.

Wat die konsonante betref, is dit baie duidelik dat die neiging om t as slotkonsonant te laat wegval, reeds teen die tweede helfte van die 18de eeu baie meer verbreed was as in Holl., bv. diens, yrag. Ná liquidae en nasales begin die -t reeds sporadies wegval, bv. Moster. Sinkopee van t was skynbaar algemeen, bv. plaa, sanstons.

Die wegval en vokalisering van intervokaliëse d toon nog nie die verbreiding wat dit in huidige Afr. geniet nie. Ons kry wel vorms soos gereie, houwe, broer, goeye e.a. wat die spreektaal weerspieël, maar die skryftradisie laat hom hier ook nog geld, bv. rode, gerede.

By die vornleer is die afwykinge wat voorkom, opvallender. Belangrik is die uitbreiding van die g-meervoud by woorde op -ing en e, bv. verklarings, geberstes.

Die as lidwoord i.p.v. de was ook in Holl. bekend, maar by die veldwagters is dit duidelik dat dit meer verbreed voorkom.

Myn as voorwerpsvorm van die 1ste pers. vandie pers. vnv. i.p.v. my was ook gewoon in die 17de-eeuse

volkstaal. In die briewe kom dit byna konsekwent voor, en dit het nog baie lank in Afr. naas my bly bestaan.

Die 3de pers. meervoudsvorm van die pers. vnw. was in die spreektaal klaarblyklik sullie of selfs sulle, maar hulle kom ook voor. Eienaardig genoeg kom hulle, wat as voorwerpsvorm ontstaan het, glad nie in die datief of akkusatief voor nie - slegs haarluif of haarle. Ook by Trichardt kom die vorm nie voor nie; dit is eers later in die 19de eeu as voorwerpsvorm gebruik.

As wederkerende vnw. het zich by die veldwagters maar taamlik swak gestaan teenoor die gebruik van die voorwerpsvorms wat algemeen was in Holl.

Ook wat die vereenvouding betref wat in Afr. by getalsverskille van die ww. ingetree het, was die kiem reeds in die 17de-eeuse Holl. volkstaal aanwesig. Die briewe wys duidelik in die rigting van algehele uitwissing van getalsonderskeiding.

Die meeste van die verskynsels wat ek tot dusver genoem het, kon tot op sekere hoogte in Afr. verwag word aangesien hulle óf verbreed in die 17de-eeuse Holl. volkstaal voorgekom het, óf reeds in kiem aanwesig was en die kanse vir verdere ontwikkeling in die rigting van vereenvouding taamlik sterk.

Wat egter van baie meer belang vir die geskiedenis van Afr. is, is vorms wat ons nie noodwendig in Afr. sou verwag nie, al was daar soms in Holl. dialekte sporadiese aanlope tot party van die Afrikaanse eienaardighede.

Wat die vokalisme betref, is daar nie veel op te merk nie. In swak bekleemde lettergrepe gaan vokale dikwels oor tot die onbetoonde [ə]. Een geval van moontlike nasalering is gevind, bv. ongaans. Die verswakking van vokaal en nasalering is moontlik nie spesifiek Afr. nie.

Wat wel belangrik en nuut is, is vorms soos vandag, weduwee en Boesman.

In verband met die konsonante is die sporadiese skryf van sc vir sch miskien van belang vir die ontwikkeling van die Afr. sk, wat vermoedelik onafhanklik van die sk wat in dele van Holl. voorkom, ontstaan het. Eers in die tweede helfte van die 19de eeu word sk enigsins volop, maar die tradisie van die skryftaal kan miskien verantwoordelik gehou word vir die byna konsekwente gebruik van sch in geskrifte tot 1860.

Stemhebbende g en y het al stemloos geword aan die begin van woorde, en miskien het die verswakking van die [v]-gevoel iets te doen gehad met die oorgang van intervokaliëse y tot w, wat reeds begin voorkom by die veldwagters. Sinkopee van y kom nog nêrens voor nie.

Soos in Afr. vandag gaan b tussen vokale by sommige sprekers oor in w.

Baie belangrik is die een geval van sinkopee van intervokaliëse g, bv. eijen. Voor 1830 is dit blykbaar die enigste voorbeeld van die verskynsel wat vandag tipies van Afr. is.

Eienaardig is dit dat as nog nie voorkom nie, al was dit in Holl. bekend. Ook assimilasie van g aan voorafgaande r soos môre is onbekend.

Dit is egter by die vormleer waar die radikaalste verskille tussen Afr. en Ndl. ingetree het. Ek weet nie of my oordeel in alle gevalle juis is nie, maar veral in die laaste tien tot vyftien jaar van die 18de eeu lyk dit asof daar reeds hier en daar spore van die spesifieke Afr. verskynsels voorkom.

Eers wil ek wys op vorms wat betreklik dikwels aangetref word.

Die afwesigheid van geslagonderskeiding het tot groot vereenvoudiging van vorms gelei. Ten eerste het de- en het-woorde grotendeels begin saamval en omdat daar nie meer 'n duidelike verskil tussen die lidwoord de en die

aanwysende vnw. die bestaan het nie, word die ook reeds i.p.v. het gebruik, bv. die velt, die vee.

Ten tweede het as gevolg van die verdwyning van enige gevoel vir grammatikale geslag die verbuiging van bnwe. al op fonetiese en ritmiese grondslag te staan gekom - wat dus reeds in die Afr. rigting wys.

Ten derde kan ons by die attributiewe aanwysende vnwe. merk dat die „het-gevoel" nie meer lewendig was nie. Deze en die word oorwegend gebruik maar hierdie en daardie kom nog nie voor nie. As selfstandige aanwysende vnw. staan dat nog sterk, maar die neiging om dit (ook as onpersoonlike vnw.) te gebruik, is onmiskenbaar.

Ten vierde het die verlies van geslagsonderskeiding ook die betreklik vnwe. beïnvloed. Dat word al baie dikwels verkeerd gebruik. Dit is teleurstellend dat wat nie meer voorkom nie aangesien Wikar dit reeds meermale gebruik; dit is tog waarskynlik dat wat reeds by die meeste sprekers die gewone spreektaalvorm was.

Wat die persoonlike vnwe. betref, kry ons nog nêrens ek vir ik nie (behalwe in een vreemdelinge-briefie wat van belang kan wees). Dit as onpersoonlike vnw. is in sy beginstadium. Eienaardig en iets wat seker aan die invloed van die skryftaal toegeskryf kan word, is die byna konsekwente gebruik van hem en slegs 'n enkele keer hun - nooit hom nie.

Een van die opvallendste verskynsels in die briewe is die konsekwente gebruik van wý aangesien ons reeds baie vroeër in Afr. voorkom. Al verklarings wat moontlik is, is dat wý nog baie sterk gestaan het teenoor ons (trouens tot in die 20ste eeu is wý nog soms gebruik) en dat die skryftaalinvloed hom hier ook hardnekkig gehandhaaf het.

Wat veral eienaardig is, is dat hulle as voorwerpsvorm nie voorkom nie - slegs haarluý of haarle - terwyl

hulle teen die einde van die 18de eeu reeds as onderwerps-vorm verskyn en sulluŷ of sulle begin te verdring. Belangrik is hierdie vroeë verdringing omdat dit slegs sporadies voorkom in die eerste helfte van die 19de eeu, totdat Meurant dit byna konsekwent begin gebruik. Ook as besitlike vnw. kom hulle nog nie voor nie.

Voorbeelde van die besitlike vnw. my en sy is uiters skaars voor 1860, maar in die briewe vind ons dat dit reeds sporadies begin voorkom. Ook het Franken op een geval van my gewys wat in 1710 aangetref is.⁽¹⁾ Dit is waarskynlik dat die vorms my en sy teen die einde van die 18de eeu reeds naas myn en syn in die spreektaal bestaan het.

Wat die pronominale bindwoord betref, het die uitbreiding van sen na die vroulike geslag nog nie plaasgevind nie.

Die ww. bied miskien die allerbelangrikste afwykinge tussen Afr. en Ndl. Ek het reeds op die verdwyning van alle getalsgevoel gewys. Ook is dit duidelik dat die veldwagters geen of baie min persoonsverskille geken het - die -t-uitgang begin ook vinnig wegval en by die vervoeging van hebben en zijn het het al begin veld wen en was is die gewone spreektaalvorm. Woorde op -d begin ook reeds die slotkonsonant te verloor, bv. rey, maar die slotkonsonante g en f val nog nie weg nie. Ook vind ons geen spoor van -n as slotkonsonant in die enkelvoud by woorde soos doen, gaan, slaan ens. nie.

Baie belangrik is die voorliefde vir die gebruik van die perfektum, soms ten koste van die imperfektum en meer dikwels in plaas van die plusquamperfektum. Sterk praeterita kom nog baie dikwels voor, maar ek het die indruk gekry dat die swak imperfektum reeds minder gebruik word. Dit is miskien gewaag om van 'n verdringing van die imperfektum deur die perfektum te praat, maar ek meen tog dat daar hier en daar reeds spore daarvan gesien kan word al het die verdringing eintlik eers in die eerste helfte van die 19de eeu by beslag gekry.

(1) Franken, Hgn., 4 Okt.'29, p.43.

Die sterk volt. dlwe. is nog konsekwent gebruik. Net een geval van klinkerwisseling wat agterweë bly, is gevind, nl. gestele, en ook een keer by onreëlmatige wve., nl. versoeko. Die -on-uitgang val twee keer weg, bv. ingetrok en vertrok. By die swak volt. deelwe. val die dentale uitgang meer weg by woorde wat uitgaan op stemlose konsonante, maar na liquidae en nasales begin die verlies reeds voorkom.

Neem ons die wegval van die -on-uitgang by die inf., wat al verskeie kere aangetref word, in ag, kan ons aanneem dat die -on-uitgang by die volt. deelwe. ook reeds begin wegval het en dat dit meer gewoon was as wat die enkele gevalle in die briewe laat vermoed. Wat die vokaalwisseling by die volt. deelwe. aangaan, wil ek nie te veel waarde heg aan die twee gevalle waar die verlies van die wisseling wel voorkom nie. Tog veel 'n mens geneig om, wat die volt. deelwe. en die infe. betref, te vermoed dat die Ndl. gebruik nie homogeen onder die plattelanders was nie.

Al het die „foute" wat die veldwagters gemaak het, baie waardevolle gegewens in verband met hulle spreektaal aan ons blootgelê, is daar tog gevalle wat vir ons duister bly. Ek dink hier veral aan die -tjie-uitgang van die diminutiefvorming. Vorms soos berggie, stukkje ons. kom voor, maar ook huysje, wat skryftaalinvloed weerspieël. Dit kan ogter algemeen aangeneem word dat die -ie-vorm die gewone uitspraak na p, f, g, k ens. was. Maar wat die toestand in sake die -tjie was, kan ons nie uit die briewe aflei nie. Vorms soos kannetie, bietie, myntis is eienaardig, en graag sou ons daarin 'n poging om -tjie te skryf, wil sien, maar dit is onmoontlik om enige vaste gevolgtrekking te maak.

Die skryftaal was 'n sterk behoudende faktor, selfs op die platteland. Soon word byvoorbeeld altyd geskryf, terwyl ons weet dat seun reeds moes voorgekom het. Die gebruik van vy en hem is nog voorbeelde van streng handhawing van die skryftaaltradisie. In ander gevalle weer het die korrekte

spelling min invloed op die veldwagters uitgeoefen. Ek het reeds talryke gevalle genoem waaruit dit duidelik spreek.

Ons kan dus nie te versigtig wees met die beoordeling van vorms nie; veral by die afwesigheid van sekere verskynsels mag ons die oorsaak nie te maklik in skryftaalinvloede soek nie. Wel is waar dat daar 'n duidelike strewe na deftigheid en korrektheid by die veldwagters was wat die naspoor van spreektaalvorme bemoeilik, maar gelukkig verskyn deur dieselfde strewe talryke hiperkorrekte vorms wat ons meermale in staat stel om deur die kors van die skryftaal tot die lewende spreektaal deur te dring.

By dit alles moet ons altyd onthou dat die briewe van die veldwagters baie beperk van inhoud is; dit dek net 'n gedeelte, en nie eers 'n groot gedeelte nie, van die taalgebruik. Baie vorms waaroor ons graag iets wou weet, kom glad nie voor nie - die woorde waarin bepaalde verskynsels kon verskyn, is geheel en al afwesig. Ek dink veral aan huislike woorde waar die kans op vereenvoudiging miskien groter was. Het die veldwagters bv. srou of spru of sproei gesê?

Tog was die studie van die taalgebruik van die veldwagters baie interessant. Toe ek nog nie veel van die klankleer geweet het nie, was ek teleurgestel dat daar so min is wat werklik spesifiek Afr. genoem kan word, maar kyk ons na die Afr. van vandag, sien ons dat wat die klankleer betref, Afr. baie ná aan die 17de-eeuse Hollandse volkstaal staan.

Die vormleer het egter heelwat aan die dag gelê wat belangrik is vir die bepaling van die toestand van ontwikkeling van Afr. in die tweede helfte van die 18de eeu; veral op grond hiervan beskou ek die briewe van die veldwagters as 'n belangrike skakel in die studie van die wordingsgeskiedenis van Afr., temeer omdat daar so min ander geskrifte van taalhistoriese betekenis uit die 18de eeu beskikbaar is.

WERKE GERAADPLEEG.

- BOSMAN, D.B.: Oor die Ontstaan van Afrikaans. Tweede Druk.
- CHANGUION, A.N.E.: De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld.
- FRANK, J. - VAN WYK, N.: Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal.
- FRANKEN, J.L.M.: Aantekeninge oor die taal van Wikar se Joernaal. (Van Riebeeck-vereniging 15).
- _____ : Hgn. 23 Aug. '29: Esaye Costeuk.
- _____ : Hgn. 4 Okt. '29: Hollandse Hugenotebrieffies.
- _____ : Hgn. 8 Nov. '29: Hollandse Hugenotebrieffies.
- _____ : V.R.V. 15: Kyk: Aantekeninge
- _____ : V.R.V. 24: Thakundige Beskouing oor Teenstra se Afrikaanse Samespraak.
- HOFMEYR, J.A. : Die toestand van Afrikaans in 1779 na Aanleiding van Wikar se Dagverhaal (Getikte L.A.-skripsie, U.K. 1938).
- KLOEKE, A.A. : Herkomst en Groei van het Afrikaans.
- LE ROUX, T.H. : Beschryvende Klankloer van het Afrikaans.
- MANSVELT, N. : Proeve van een Kaapsch-Hollands Idioticon.
- NAUTA, G.A. : Thakundige Aantekeningen naar aanleiding van de Werken van G.A. Brodero.
- NIENABER, G.S. : Afrikaans tot 1860.
- _____ : Die Afrikaanso Boweging, Deel I.
- OVERDIEP, G.S. : Moderne Nederlandsche Grammatica.
- PIENAAR, P.DE V.: 'n Kulturhistoriese Beskouing van die klankbou van Afrikaans (Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel 2).
- RADELEYER, J.H.: Kleurling-Afrikaans.
- SCHOLTZ, J.DU P.: Afr. Brief: 'n Afrikaanse Brief van 1851. (Huisgenoot, 13 Junie 1941).
- _____ : Bespreking van Kloeke se boek: Herkomst en Groei van het Afrikaans (Huisgenoot 14 Julie - 4 Augustus 1950).
- _____ : Bon.: Boniface se Afrikaans, 1830 - 1832 (T.W.K., 28 Des. 1943).
- _____ : Brief 1830 (T.W.K. XIII).

- _____ : Die Onderlinge verhouding van i en o in
geslote sillabe (Lingua II 1943).
- _____ : Leur.: Leurant se Afrikaans in 1844 - 1850.
(Huisgenoot, 22 Aug. 1941).
- SCHÖNFELD, H. : Historische Grammatica van het Nederlandsch.
- SMITS, J. : 'n Onderzoek na die Ontwikkelingstadium
van Afrikaans teen die tyd van die Groot
Trek veral na aanleiding van Trichardt se
Dagboek. (Proefskrif Ph.D., U.K. 1945).
- VAN DALE : Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal.
- VAN HELTEN, W.L. : Vendel's Taal.
- VILLIERS, A.J., DE : Die Klankleer en Vormleer van Johanna
Duminy se Taal (Getikte M.A.-skripsie,
U.K. 1942).
- VOOYS, C.G.H. DE : Nederlandse Spraakkunst.
-